



# GRONDWET

2023-06-20

**Agri NW erken die seën  
van God Drie-Enig as  
onontbeerlik in sy pogings  
om 'n volhoubare en  
welvarende Landbou-  
gemeenskap te vestig en  
in stand te hou.**

# INHOUDSOPGAWE

<u>PUNT</u>	<u>ITEM</u>	<u>BLADSYNR</u>
	<b>AANHEF TOT DIE GRONDWET</b>	
1.	NAAM EN STATUS	1
2.	MISSIE	1
3.	DOELSTELLINGS	1
4.	MAGTE	2
5.	LIDMAATSKAP	2
5.1	GEAFFILIEERDE LEDE	2
5.2	PLAASLIKE LANDBOUVERENIGINGS	3
5.3	MUNISIPALE LANDBOUVERENIGINGS	3
5.4	AGRI NW-JONGBOERKOMITEE	3
5.5	GEASSOSIEERDE LEDE	4
6.	BESTUUR EN GESAG	4
6.1	KONGRES	4
6.1.1	GESAG VAN KONGRES	4
6.1.2	SAMESTELLING	4
6.1.3	BESPREKINGSPUNTE	5
6.1.4	WAARNEMERS	5
6.1.5	KWORUM	5
6.1.6	KONGRESREËLS	5
6.2	ALGEMENE RAAD	6
6.2.1	BESTUUR EN GESAG VAN DIE ALGEMENE RAAD	6
6.2.2	SAMESTELLING EN STEMREG	6
6.2.3	KWORUM	7
6.2.4	VERGADERINGS	7
6.2.5	MAGTE EN PLIGTE	7
6.3	PRESIDENT EN VISE-PRESIDENTE	8
6.4	DAGBESTUUR	9
6.4.1	SAMESTELLING	9
6.4.2	MAGTE EN PLIGTE	9
7.	ALGEMENE BEPALINGS	9
7.1	WYSIGING VAN GRONDWET	9
7.2	TOEPASSING	10
7.3	LIKWIDASIE OF ONTBINDING	10
7.4	DISAFFILIASIE	10
7.5	VERTOLKING	10
8.	TOEPASSING EN GOEDKEURING VAN DIE GRONDWET VAN AGRI NW	10



# INHOUDSOPGAWE VERVOLG

<u>PUNT</u>	<u>ITEM</u>	<u>BLADSYNR</u>
5.	TEKENMAGTE EN ELEKTRONIESE INTERNETBANKDIENSTE	21
6.	ALGEMENE REËLS	21
7.	OORPLASING VAN FONDSE	22
<u>BYLAAG 6</u>	<u>AGRI NW FINANSIËLE- EN OUDIT- &amp; RISIKOKOMITEEBEPLANNING</u>	23 – 24
<u>BYLAAG 7</u>	<u>AGRI NW-STUDIEBEURSFONDS</u>	25 – 29
<u>BYLAAG 8</u>	<u>DIE HANTERING EN BESTUUR VAN DIE REGSHULPFONDS</u>	30 - 33
<u>BYLAAG 9</u>	<u>GEAFFILIEERDE LEDE: LIDMAATSKAPKATEGORIEË</u>	34
<u>BYLAAG 10</u>	<u>ERETOEKENNINGS</u> Erelidmaatskap toegeken deur Agri NW Erelidmaatskap toegeken deur Affiliasies	35 35
<u>BYLAAG 11</u>	<u>AGRI NW-JONGBOERKOMITEE: HUISHOUDELIKE REËLS</u>	36 - 39
<u>BYLAAG 12</u>	<u>STEMPROSEDURE BY AGRI NW-KONGRES</u>	40
<u>BYLAAG 13</u>	<u>KODE VIR TOELAES VIR BETALING VAN REIS- EN VERBLYFKOSTE</u>	41
<u>BYLAAG 14</u>	<u>EENMALIGE AANSPORINGSINSENTIEWE AAN GRONDVLAK-AFFILIASIES VIR DIE WERWING VAN NUWE AGRI NW-LEDE</u>	42
<u>BYLAAG 15</u>	<u>AANSPORINGSINSENTIEWE VIR DIE TYDIGE BETALING VAN AGRI NW-AFFILIASIEGELD</u>	43

## **1. NAAM EN STATUS**

- 1.1 Die naam van die Organisasie is **AGRI NOORDWES**, hierna genoem Agri NW, wat:
  - 1.1.1 'n Lede-Organisasie vir Landbouprodusente in die Noordwes Provinsie is met gemeenskaplike doelwitte en derhalwe verbind is tot kollektiewe optrede;
  - 1.1.2 'n Regspersoon is wat as 'n Vereniging sonder winsbejag funksioneer, binne die draagwydte van Artikels 10(1)(d)(iv)(bb) en 30B van die Inkomstebelastingwet, no 58 van 1962, soos gewysig (Bylaag 1).
  - 1.1.3 Sy werksaamhede in Afrikaans en/of Engels verrig;
  - 1.1.4 Demokratiese beginsels met besluitneming handhaaf;
  - 1.1.5 Altyd op die Landboumeriete van sy standpunte fokus; en
  - 1.1.6 Sy mandate nie ondergeskik stel aan dié van enige ander Organisasie of beweging in die openbare- of private sektor óf die burgerlike samelewing nie.
- 1.2 Die fondse waaroor die Organisasie beskik word slegs vir die bevordering van sy doelstellings aangewend en sal nie onder sy geaffilieerde- of geassosieerde lede of ander persone verdeel word nie.

## **2. MISSIE**

Agri NW is 'n burgerlike samelewingsdiensorganisasie wat aan lede van die Landbougemeenskap ondersteuning lewer om volhoubaarheid te verseker.

## **3. DOELSTELLINGS**

- 3.1 Dit is die Organisasie se doel om:
  - 3.1.1 Om 'n doelmatige en koste-effektiewe Organisasie daar te stel waardeur lede se deelname gefasiliteer, standpunte gekoördineer en gesamentlike optrede beplan en bedryf kan word;
  - 3.1.2 Met ander Organisasies binne en buite die Noordwes Provinsie saam te werk, te affilieer of te federeer en netwerkverhoudinge te vestig met Organisasies of belanghebbendes wat kan bydra tot die verwesenliking van die Organisasie se Missie;
  - 3.1.3 Die gekoördineerde mening van sy lede aan enige Organisasie, asook die Regering, of ander Owerhede, voor te lê en met hulle saam te werk in alle sake rakende die welstand en ontwikkeling van die Kommersiële Landboubedryf, met inbegrip van die daarstelling van toepaslike beleid, wetgewing, dienste of programme;
  - 3.1.4 In belang van ingeligte deelname en besluitneming, effektief met sy lede en Landbouprodusente oor sy werksaamhede te kommunikeer, asook met buite-instansies en die breë publiek waar 'n korrekte begrip en waardering vir die Kommersiële Landbou se bydraes, uitdagings en behoeftes geskep moet word;
  - 3.1.5 Alle sodanige handeling uit te voer wat na die oordeel van die Kongres of die Algemene Raad betrekking het op of bydra tot die verwesenliking van die Organisasie se missie, óf sodanige ander handeling uit te voer wat na die oordeel van die Kongres of die Algemene Raad tot regstreekse of onregstreekse belang van die Landboubedryf mag wees;
  - 3.1.6 die Algemene Raad kan op gepaste wyse eer betoon aan persone wat besondere diens aan Agri NW en/of die Landbou in die breë gelewer het, met dien verstande dat die Algemene Raad gemagtig word om die voorwaardes vir toekenning te bepaal;
  - 3.1.7 Oor genoegsame finansiële hulpbronne te beskik, met inagneming van die belang van vrywillige ledebydraes vir die legitimiteit van Agri NW as verteenwoordigende Organisasie wat sal verseker dat die Organisasie op 'n deurlopende basis uitvoering aan sy mandate kan gee; en

- 3.1.8 Om hom te beywer vir die ontwikkeling van die Landboubedryf insluitende die optimale benutting van natuurlike hulpbronne en die bevordering van verbeterde produksie-metodes.

#### **4. MAGTE**

- 4.1 Die Organisasie het die mag om in eie naam:
- 4.1.1 Vaste en roerende eiendom te besit, te koop of andersins te verkry, te verkoop, te huur of te verhuur, te verpand of met 'n verband te belas, as sekerheid te neem of te gee en/of op enige ander wyse te vervreem of van die hand te sit, en om enige saaklike of ander reg daaroor te gee of te verkry en in die algemeen regshandeling daaromtrent aan te gaan;
- 4.1.2 Fondse of geld waaroor dit mag beskik, uit te leen en/of op enige wyse hoegenaamd te belê, met of sonder sekuriteit en op sodanige voorwaardes as waarop van tyd tot tyd besluit mag word;
- 4.1.3 Geld te leen en op te neem en lenings van enige soort te verkry en aan te gaan en sodanige sekuriteit daarvoor te gee as wat nodig mag wees;
- 4.1.4 Bankrekening te open en daarop te trek en te oortrek;
- 4.1.5 Waar nodig, die verpligtinge van enige persoon of regs persoon te waarborg of vir hulle borg te staan, en om borgaktes en/of aktes van sekerheidstelling te teken en aan te gaan;
- 4.1.6 Regsgedinge in te stel en te verweer en enige geskil aan arbitrasie te onderwerp, en om in verband met sodanige regsgedinge, arbitrasieverrigtinge of geregtelike ondersoeke die nodige regspraktisyns aan te stel en te vergoed;
- 4.1.7 Personeel aan te stel om die werk en sake daarvan te doen en uit te voer met sodanige magte en op sodanige voorwaardes wat betref salaris en andersins as wat van tyd tot tyd bepaal mag word;
- 4.1.8 Honoraria en toelaes aan ampsdraers, Voorsitters van Komitees en personeel te betaal vir dienste verrig;
- 4.1.9 'n Pensioen- / Aftreefonds ten behoeve van enige van sy personeel en dié van verwante liggame te stig of in te skakel by 'n bestaande Pensioen- / Aftreefonds;
- 4.1.10 Enige saak, die bevordering waarvan ingesluit is by die voorafgemelde doelstellings, geldelik te ondersteun;
- 4.1.11 Geskenke en/of bydraes van enige soort te aanvaar en te ontvang;
- 4.1.12 Vennootskappe aan te gaan, trusts of ander sake-entiteite tot stand te bring en te bedryf waarvan die funksies versoenbaar of aanvullend is tot dié van die Organisasie is; en
- 4.1.13 Alles te doen wat nodig mag wees om aan bogemelde magte en aan die voorafgemelde doelstellings uitvoering te gee.

#### **5. LIDMAATSKAP**

##### **5.1 GEAFFILIEERDE LEDE**

- 5.1.1 Die geaffilieerde lede van Agri NW sal wees sy stigterslede en enige toekomstige lede in die Provinsie, wat voldoen aan die bepalings van hierdie Grondwet en wie se skriftelike affiliasie-aansoek deur die Algemene Raad aanvaar is, onderhewig daaraan dat 'n afskrif van die aan-soeker se Grondwet en 'n verklaring dat dit die Organisasie se Grondwet en waardesisteem onderskryf dit moet vergesel, asook enige ander inligting wat verlang mag word, met dien verstande dat die volgende Organisasies vir lidmaatskap kan kwalifiseer:
- 5.1.1.1 Landbouverenigings wat uit oorwegend volopbetaalde lede bestaan en waarvan die doelstellings versoenbaar is met die van Agri NW en waarvan die lede hulle geldelike verpligtinge vir affiliasie by die Organisasie nagekom het. Alle Landbouverenigings word geïden-

tifiseer as Affiliasies van Agri NW deur die voorvoegsel Agri voor die naam van die Affiliasie te gebruik.

- 5.1.1.1.1 Elke geaffilieerde lid het volle outonomie op sy eie gebied met inbegrip daarvan om voorwaardes vir lidmaatskap van sy Organisasie te bepaal, met dien verstande dat:
  - 5.1.1.1.1a Alle sake wat ook ander geaffilieerde lede se belange in die Provinsie raak, of 'n wyer toepassing het, na bespreking daarvan, na Agri NW verwys moet word vir koördinerende en verdere optrede; en
  - 5.1.1.1.1b Indien enige geaffilieerde lid, na die nakoming van die prosedures in subartikel 5.1.1.1.2, dit onmoontlik vind om met die meerderheid saam te stem, hy die reg het om sy sienswyse onafhanklik aan enige instansie voor te lê.
- 5.1.1.1.2 Algemene Raad kan die lidmaatskap van enige geaffilieerde lid by Agri NW beëindig indien daardie lid aanhoudend versuim om sy geldelike verpligtinge teenoor die Organisasie of ander voorwaardes en pligte van lidmaatskap na te kom, met dien verstande dat:
  - 5.1.1.1.3a Die Dagbestuur besluit om beëindiging van die lidmaatskap by die Algemene Raad aan te beveel;
  - 5.1.1.1.3b Die betrokke geaffilieerde lid skriftelik hiervan kennis gegee word, met opgawe van redes;
  - 5.1.1.1.3c Die Algemene Raad met 'n twee-derde meerderheid, by wyse van geslote stembrief, vir die beëindiging van die lidmaatskap van die betrokke lid stem; en
  - 5.1.1.1.3d Die Algemene Raad minstens dertig (30) dae vooraf kennis ontvang dat die beëindiging van die lidmaatskap van 'n betrokke lid by die vergadering oorweeg sal word.
- 5.1.1.1.4. Enige geaffilieerde lid wat bedank of waarvan lidmaatskap onder die bepalings van hierdie artikel beëindig word:
  - 5.1.1.1.4a Verbeur van die datum van beëindiging van lidmaatskap alle magte, voorregte of seggenskap in die sake van Agri NW asook in die geldsake of eiendom van die Organisasie; en
  - 5.1.1.1.4b Is aanspreeklik vir die betaling van die verskuldigde gelde tot aan die einde van die betrokke finansiële jaar.

## **5.2 PLAASLIKE LANDBOUVERENIGINGS (VOORMALIGE BV'S)**

Is 'n Organisasie wat bestaan uit 'n groep van ten minste 10 (tien) Landbouproducente wat binne 'n geografiese gebied geleë is en hulle binne 'n enkele struktuur saamvoeg vir die doel om hulle aktiwiteite te koördineer in soverre dit gemeenskaplike sake betref.

## **5.3 MUNISIPALE LANDBOUVERENIGINGS (VOORMALIGE DBU'S)**

Is Organisasies wat saamgestel is en/of bestaan uit:

- die geledere van minstens twee Plaaslike Landbouverenigings in 'n geografiese Streek en met dien verstande dat daar slegs een Munisipale Landbouvereniging in elk van die onderskeie geografiese streke bestaan; en
- waar slegs een Plaaslike Landbouvereniging is, ageer hierdie Vereniging ook as 'n Munisipale Landbouvereniging.

## **5.4 AGRI NW-JONGBOERKOMITEE**

- 5.4.1 Is 'n Vereniging:
  - waarvan die lede lidmaatskap het by bestaande Plaaslike Landbouvereniging(s) binne die raamwerk van Agri NW se Grondwet en waarvan die lid se ouderdom nie 35 jaar mag oorskry nie;



- waarvan die doelstellings versoenbaar is met dié van Agri NW en waarvan sy Huishoudelike Reëls deur die Algemene Raad bepaal en goedgekeur is (Bylaag 13;)
- waarvan die lede verplig is tot die betaling van affiliasiegeld aan Agri NW.
- waarvan die Voorsitter en Onder Voorsitter jaarliks tydens die Jongboer-konferensie verkies word.

## **5.5 GEASSOSIEERDE LEDE**

- 5.5.1 Een verteenwoordiger per Bedryfsorganisasie wat volgens die oordeel van die Algemene Raad van voldoende omvang is en/of Provinsiaal bedryf word en waarvan die doelstellings versoenbaar is met die van die Agri NW en waarvan die voorwaardes vir affiliasie by die Organisasie nagekom is.
- 5.5.2 Een verteenwoordiger van Landboubesighede wat hoofsaaklik Landbousake in die Provinsie bedryf en waarvan die doelstellings versoenbaar is met die van Agri NW en waarvan die voorwaardes vir affiliasie by die Organisasie nagekom is.
- 5.5.3 Een verteenwoordiger van enige ander Organisasie wat 'n wesenlike en ander Landboubelang verteenwoordig anders as Organisasies wat in terme van subartikels 5.5.1 en 5.5.2 by Agri NW geaffilieer is.
- 5.5.4 Die Algemene Raad het die bevoegdheid om reëls neer te lê aangaande voorwaardes vir Geassosieerde Lidmaatskap by die Organisasie, sowel as die verpligtinge, regte en voorregte van sodanige lede, asook om sodanige reëls van tyd tot tyd te wysig, te vervang en/of te herroep, maar met dien verstande dat sodanige lede se verteenwoordigers nie sal beskik oor stemreg in die organisasie nie en ook nie as ampsdraers van die organisasie kan dien nie. Ten opsigte van die beëindiging van lidmaatskap van enige Geassosieerde Lid, sal die Algemene Raad hom laat lei deur die bepalings van subartikel 5.1.1.3 van hierdie Grondwet.

## **6. BESTUUR EN GESAG**

### **6.1 KONGRES**

#### **6.1.1 GESAG VAN KONGRES**

Binne die struktuur van Agri NW berus die hoogste gesag by die Kongres van die Organisasie.

#### **6.1.2 SAMESTELLING**

- 6.1.2.1 Die President.
- 6.1.2.2 Die twee Vise-Presidente
- 6.1.2.3 Twee (2) verteenwoordigers per geaffilieerde Munisipale Landbouvereniging wie se persoonlike ledegeld betaal is.
- 6.1.2.4 Verteenwoordigers van Plaaslike Landbouverenigings wie se persoonlike ledegeld betaal is, op 'n basis van een verteenwoordiger vir elke 30 (dertig) volopbetaalde produsentelede of gedeelte daarvan.
- 6.1.2.5 Die Spesialiteitskomiteevertteenwoordigers van die Algemene Raad.
- 6.1.2.6 Die Voorsitter van die Jongboerkomitee met volle deelname en stemreg.
- 6.1.2.7 Erelede en gaste deur die President of Algemene Raad uitgenooi met deelname aan bespreking, maar sonder stemreg.

### **6.1.3      BESPREKINGSPUNTE**

- 6.1.3.1      Elke geaffilieerde lid, die Algemene Raad en elke Komitee vir Algemene Sake, is daarop geregtig om enige getal konsepbesprekingspunte vir die Kongres-Sakelys voor te lê, behoudens die volgende bepalings:
  - 6.1.3.2.1    die konsepbesprekingspunte moet die Uitvoerende Hoofbestuurder van Agri NW op die laatste 40 (veertig) dae voor die datum van die Kongres, waarop hulle bespreek moet word, bereik;
  - 6.1.3.3.2    konsepbesprekingspunte wat laat ontvang word, kan nie tydens die Kongres bespreek word sonder die voorafgoedkeuring van die Dagbestuur en 'n daaropvolgende meerderheidsbesluit van die Kongres nie. Die President sal besluit op watter tydstip van die kongresverrigtinge sulke bykomende sake bespreek moet word;
  - 6.1.3.3.3    alle konsepbesprekingspunte moet verwys word na 'n Agendakomitee, wat deur die Algemene Raad aangestel word en wat die besprekingspunte sal koördineer en besluit oor die finale Sakelys van die Kongres; en
  - 6.1.3.3.4    besprekingspunte wat streng betrekking het op Bedryfsorganisasie-aangeleenthede moet op die Sakelys van die betrokke Organisasie se Kongres geplaas word of na die betrokke Organisasie verwys word vir hantering tensy 'n Bedryfsorganisasie Agri Noordwes spesifiek versoek het om dit te hanteer.

### **6.1.4      WAARNEMERS**

- 6.1.4.1      Landbouverenigings kan addisionele verteenwoordigers afvaardig as waarnemers na die Kongres wat aan verrigtinge mag deelneem, maar sonder stemreg. Geassosieerde Lede kan ook waarnemers na die Kongres afvaardig wat aan verrigtinge mag deelneem, maar sonder stemreg.

### **6.1.5      KWORUM**

- 6.1.5.1      Die helfte plus een van die afgevaardigdes kragtens subartikel 6.1.2 vorm 'n kworum vir die Kongres, met dien verstande dat vir hierdie doel die aantal afgevaardigdes bereken word volgens die aantal stemme wat hulle besit.
- 6.1.5.2      As 'n kworum, soos bepaal in subartikel 6.1.5.1 nie teenwoordig is nie, word die byeenkoms vir 'n halfuur verdaag, waarna die aanwesiges as 'n kworum beskou word, met dien verstande dat sodanige Kongres dan nie besluite rakende grondwetlike veranderinge of ontbinding mag neem nie, maar ander sake op die Sakelys kan afhandel.

### **6.1.6      KONGRESREËLS**

- 6.1.6.1      Die Kongres word jaarliks in September gehou.
- 6.1.6.2      Die datum en plek van byeenkoms word minstens twee (2) maande vooraf deur die Algemene Raad vasgestel.
- 6.1.6.3      Die Uitvoerende Hoofbestuurder van die Organisasie gee aan elke geaffilieerde lid minstens 60 (sestig) dae vooraf kennis van die datum en plek van die Kongres.
- 6.1.6.4      Minstens ses (6) weke voor die Kongres moet elke geaffilieerde lid wat kongresafgevaardigdes mag benoem, 'n lys van die name en adresse van sy afgevaardigdes aan die Uitvoerende Hoofbestuurder van die Organisasie verstrek, met dien verstande dat in gevalle van die onvermydelike afwesigheid van 'n afgevaardigde, die betrokke nominerende liggaam skriftelik tot met die opening van die Kongres 'n plaasvervanger kan benoem.

- 6.1.6.5 Affiliatiegeld, asook waar toepaslik, persoonlike affiliasiegeld en enige kongresgeld, moet vir die betrokke finansiële jaar ten volle betaal wees, alvorens enige afgevaardigde aan die Kongres mag deelneem of stemgeregtig sal wees.
- 6.1.6.6 Die President kan te eniger tyd – en moet wanneer die meerderheid van die Algemene Raad op 'n wettige gekonstitueerde vergadering so besluit - 'n Spesiale Kongres byeenroep, met dien verstande dat in elke sodanige geval 'n behoorlike kennisgewing, tesame met besonderhede van die doel van die Kongres, minstens dertig (30) dae voor die datum waarop die Spesiale Kongres gehou sal word, aan elke lid van die Algemene Raad, asook aan elke liggaam wat kongresafgevaardigdes mag benoem, gepos sal word. In die geval van die moontlike ontbinding van die Organisasie, sal artikel 7.3 van toepassing sal wees.
- 6.1.6.7 Elke geaffilieerde lid, funksionele- en bedryfskomitee en die Algemene Raad, is geregtig om enige aantal beskrywingspunte vir die Kongres-Sakelys in te dien, onderhewig aan die volgende:
- 6.1.7 Stemming by die Kongres geskied by wyse van hoofdelike telling, behalwe by die verkiesing van die President en twee Vise-Presidente wat by wyse van geslote stembrief geskied, met dien verstande dat:
- 6.1.7.1 Die President kan beslis dat oor 'n besondere saak by wyse van geslote stembrief gestem word, en so moet beslis indien minstens tien (10) afgevaardigdes daar teenwoordig dit verlang;
- 6.1.7.2 Afgevaardigdes wat meer as een nominerende liggaam verteenwoordig, op 'n ooreenstemmende aantal stemme geregtig is in alle gevalle waar by wyse van geslote stembrief gestem word; en
- 6.1.7.3 Die President tree op as Voorsitter en het 'n gewone- sowel as 'n beslissende stem.

## **6.2 ALGEMENE RAAD**

### **6.2.1 BESTUUR EN GESAG VAN DIE ALGEMENE RAAD**

Die Algemene Raad is die hoogste gesag van die Organisasie wanneer die Kongres nie in sitting is nie en doen verantwoording aan die Kongres.

### **6.2.2 SAMESTELLING EN STEMREG**

- 6.2.2.1 President, met een stem en 'n beslissende stem;
- 6.2.2.2 Twee Vise-Presidente, met een stem elk;
- 6.2.2.3 Spesialiteitskomiteevoorsitters van die onderskeie Komitees wat deur die Algemene Raad verkies word;
- 6.2.2.4 Voorsitter van Agri NW-Jongboerkomitee;
- 6.2.2.5 Geaffilieerde lede na reorganisasie moet aandui wie hulle in die Organisasie se Algemene Raad as stemgeregtigde verteenwoordigers sal verteenwoordig;
- 6.2.2.6 Alle lede van die Algemene Raad diens doen tot na afloop van die eersvolgende Kongres, tensy 'n geaffilieerde lid die Organisasie in kennis stel dat hy 'n ander verteenwoordiger of verteenwoordigers benoem het;
- 6.2.2.7 Die Voorsitters van alle Munisipale Landbouverenigings tot en met 100 geaffilieerde lede plus een addisionele stemgeregtigde verteenwoordiger vir verdere veelvoude van 100 geaffilieerde lede. Verteenwoordigers word vir 'n volle finansiële jaar aangewys om kontinuïteit te verseker (Bylaag 2); en
- 6.2.2.8 Die Voorsitters van Landbouverenigings met of sonder stemreg, soos deur die Algemene Raad bepaal.

### **6.2.3 KWORUM**

- 6.2.3.1 'n Kworum vir 'n Algemene Raadsvergadering is die helfte plus een van die toegedeelde stemme aan ampsdraers en geaffilieerde lede, soos deur teenwoordige lede verteenwoordig.
- 6.2.3.2 Indien 'n kworum nie teenwoordig is nie, word die lede teenwoordig beskou as 'n Komitee van die Algemene Raad, waarvan die besluite as aanbevelings deur die volgende vergadering van die Algemene Raad of Dagbestuur oorweeg kan word.

### **6.2.4 VERGADERINGS**

- 6.2.4.1 Die Algemene Raad vergader minstens 2 (twee) keer per jaar, terwyl die President te eniger tyd kan besluit om die Algemene Raad byeën te roep en dit ook moet doen indien minstens vyf (5) lede dit skriftelik versoek, met dien verstande dat die Algemene Raad jaarliks sy aantal vergaderings vir die volgende jaar en waar dit gehou sal word, sal bepaal.

### **6.2.5 MAGTE EN PLIGTE**

- 6.2.5.1 Onderhewig aan die beheer en algemene beleid van die Kongres, beskik die Algemene Raad oor al die magte en voer hy al die pligte uit soos omskryf in hierdie Grondwet en mag hy verder na goeë dinge magte deleger en om alles te doen wat nodig mag wees ten einde die Organisasie se Missie en Doelstellings te verwesenlik, en om vir hierdie doel meer spesifiek:
- 6.2.5.1.1 Alle sake wat deur die Kongres aan die Algemene Raad opgedra word, te hanteer en opdragte van die Kongres uit te voer;
- 6.2.5.1.2 Te besluit oor die goedkeuring of beëindiging van lidmaatskap, met dien verstande dat die Algemene Raad ook norme kan neerlê en toepas oor die hantering van konflikterende aansprake oor geaffilieerde lidmaatskap by die Organisasie; ondersteuning kan gee met die bylê van verskille tussen geaffilieerde lede; en ondersteuning kan gee met die vestiging van verteenwoordigende strukture vir produsente indien die Organisasie nie 'n geaffilieerde lid het wat aan 'n bepaalde behoefte ten opsigte van verteenwoordiging voldoen nie;
- 6.2.5.1.3 Te besluit by welke Organisasies Agri NW kan affilieer sowel as oor verteenwoordiging van Agri NW in sodanige Organisasies, vir welke doel die Algemene Raad 'n kode kan daarstel vir die hantering van benoemings en aanstellings in buiteliggame;
- 6.2.5.1.4 Sodanige Komitees as wat hy nodig ag mag aanstel, met dien verstande dat:
- 6.2.5.1.4.1 Die Algemene Raad 'n Finansiële- & Oudit- en Risikokomitee het wat die begroting oudit, asook vergoedingsfunksies hanteer moet aanstel. Duidelike onderskeid moet tussen die onderskeie funksies getref word met duidelike opdragte oor hul verantwoordelikhede (Bylaag 3); en
- 6.2.5.1.4.2 Die goedgekeurde Geoditeerde Finansiële State vir die afgelope finansiële jaar moet tydens die eerste Algemene Raadsvergadering in Oktober, na afloop van die Jaarkongres, voorgelê word vir goedkeuring.
- 6.2.5.1.4.3 Die Algemene Raad Spesialiteitskomitees (Bylaag 4) en Voorsitters, asook ampsdraers vir sodanige Komitees, mag aanstel en uitvoerende magte aan sodanige Komitees mag oordra om binne goedgekeurde beleid en administratiewe prosedures op te tree. Die Voorsitter en Vise-Voorsitter van Agri NW se Jongboer Komitee word tydens die jaarlikse Konferensie deur Plaaslike Landbouvereniging afgevaardigde lede verkies.

- 6.2.5.1.5 Reëls en regulasies neer te lê aangaande die samestelling en funksionering van Komiteestrukture en om op aanbeveling van belanghebbende geaffilieerde lede sodanige reëls en regulasies te hersien, te wysig, te vervang en/of te herroep;
- 6.2.5.1.6 'n Kode goed te keur oor die delegasie van magte ten opsigte van besluitneming (Bylaag 5);
- 6.2.5.1.7 Die Organisasie se begroting goed te keur.
- 6.2.5.1.8 Verslag te ontvang van die werksaamhede van Agri NW tydens Algemene Raadsvergaderings.
- 6.2.5.1.9 Goedkeuring van 'n Kode vir toelaes vir die betaling van reis- en verblyfkoste, met dien verstande dat geaffilieerde lede die reis- en verblyfkoste van hulle afgevaardigdes, wat die Organisasie se vergaderings bywoon, dra; (Bylaag 13)
- 6.2.5.1.10 Trustfonds(e) of 'n ander besigheidsentiteit(e) te stig en te bedryf sowel as om Trustees of Direkteure daarvoor aan te stel, asook om riglyne neer te lê vir die aanwending van die opbrengste van sodanige Trustfonds(e) of onderneming(s);
- 6.2.5.1.11 Gedifferensieerde Lidmaatskapkategorieë vir die kategorie van geaffilieerde lede te bepaal, soos wat die behoefte ontstaan (Bylaag 9).
- 6.2.5.1.12 Aansporingsinsentiewe bepaal vir grondvlakaffiliasies vir die werwing van nuwe Agri NW-lede. (Bylaag 14).
- 6.2.5.1.13 Aansporingsinsentiewe bepaal of wysig vir die tydige betaling van Agri NW-ledegeld (Bylaag 15).
- 6.2.5.1.14 Die Algemene Raad kan aan 'n uittredende of uitgetrede President of Vise-President 'n Ere-Presidentskap toeken. Die Algemene Raad kan ook aan enige persoon of instansie 'n Eretoekenning in die vorm van 'n Oorkonde of Merietesertifikaat toeken (Bylaag10).
- 6.2.5.1.15 Die Algemene Raad kan Merietetoekennings maak aan affiliasies of ampsdraers wat die Organisasie by uitnemendheid dien. Die riglyne en kriteria om hiervoor te kwalifiseer word deur die Algemene Raad goedgekeur.
- 6.2.5.1.16 Die Algemene Raad kan aansoeke van Plaaslike Landbouverenigings om verteenwoordiging en deelname aan die Algemene Raad oorweeg en voorwaardelik toestaan met of sonder stemreg.

### **6.3 PRESIDENT, EERSTE EN TWEDE VISE-PRESIDENTE**

- 6.3.1 Die Kongres van die Organisasie kies, by volstrekte meerderheid van die aantal stemme uitgebring deur stemgeregtigdes aanwesig by die Kongres, 'n President, 'n eerste en tweede Vise-President wat tot na afloop van die Kongres wat volg op die een waarop hulle gekies is, met dien verstande dat by sodanige verkiesings die stemgeregtigde lede teenwoordig by die Kongres by wyse van geslote nominasie- en stembriewe moet nomineer en stem en dat reëls wat hiervoor sal geld deur die Kongres as 'n kode goedgekeur word (Bylaag 12).
- 6.3.2 Enige kandidaat wat tot President, eerste of tweede Vise-President verkies word, moet onmiddellik afstand doen van enige politieke of ander ampte wat na die oordeel van die Algemene Raad nadelig kan wees vir die uitoefening van sy plig as ampsdraer van die Organisasie.
- 6.3.3 Die verkiesing van die President, eerste en tweede Vise-Presidente vir die daaropvolgende jaar vind plaas tydens die Kongressitting, soos in die Kongresprogram bepaal.
- 6.3.4 Indien 'n permanente vakature ten opsigte van die President ontstaan, sal die eerste Vise-President soos deur die Algemene Raad aangewys, hierdie vakature vul tot na afloop van die eersvolgende Kongres.
- 6.3.5 Indien 'n vakature ten opsigte van die eerste of die tweede Vise-President ontstaan, kies die Algemene Raad 'n lid uit sy geledere om die vakature te vul tot die volgende Kongres.

- 6.3.6 In die afwesigheid van die President tree die eerste Vise-President soos aangewys deur die Algemene Raad, wat dan met al die magte van die President bekleed word, as Voorsitter op. Indien albei afwesig is, tree die tweede Vise-President op as Voorsitter vir daardie vergadering. Indien al drie afwesig is, kies die vergadering sy eie Voorsitter vir daardie vergadering.
- 6.3.7 Die President, eerste en tweede Vise-Presidente is ampshalwe lede van elke Komitee van die Algemene Raad, maar die besluit berus by hulle of hulle sodanige vergaderings wil bywoon al dan nie.
- 6.3.8 Die prosedure van vergaderings en besprekings word aan die diskresie van die President oorgelaat, tensy dit anders beslis word deur 'n meerderheidsbesluit van die vergadering.
- 6.3.9 In alle sake van dringende aard tree die President, en in sy afwesigheid die eerste Vise-President, in belang van die Organisasie op, met dien verstande dat:
- 6.3.9.1 Hulle volgens hul diskresie die menings kan inwin van enige ampsdraer(s) of Komiteevoorsitter(s) of geaffilieerde lid van die Organisasie, na gelang van omstandighede; en
- 6.3.9.2 Hulle verslag moet doen aan die eersvolgende vergadering van die Algemene Raad of Dagbestuur, na gelang van omstandighede.
- 6.3.10 Die President mag volgens sy diskresie verteenwoordigers van ander Organisasies, of enige persoon of persone, uitnooi of toelaat om die vergaderings van die Kongres, Algemene Raad of Komitees van die Algemene Raad by te woon en deel te neem aan die besprekings. Sodanige persone is egter onder geen omstandighede stemgeregtig nie.
- 6.3.11 Die President het die reg om enige persoon in enige Komitee van die Algemene Raad te koöpteer en om enige persoon te vra om enige vergadering van enige aard van die Organisasie by te woon en om die betrokke Raad of Komitee van advies te bedien.

## **6.4 DAGBESTUUR**

### **6.4.1 SAMESTELLING**

- 6.4.1.1 President;
- 6.4.1.2 Twee Vise-Presidente;
- 6.4.1.3 Uitvoerende Hoofbestuurder; en
- 6.4.1.4 Adjunk-Hoofbestuurder.

### **6.4.2 MAGTE EN PLIGTE**

- 6.4.2.1** Die Dagbestuur is ondergeskik aan die Algemene Raad en is verantwoordelik vir oorsig oor die finansiële- en korporatiewe bestuur van Agri NW. Dit beskik verder oor sodanige magte en vervul sodanige pligte as wat die Algemene Raad of daaraan mag deleger of opdra.

## **7. ALGEMENE BEPALINGS**

### **7.1 WYSIGING VAN GRONDWET**

- 7.1.1 Hierdie Grondwet kan gewysig word op 'n gewone Kongres of op 'n Kongres spesiaal vir dié doel belê, met dien verstande dat:
- 7.1.1.1 Die Uitvoerende Hoofbestuurder minstens sestig (60) dae voor die datum van die Kongres aan alle geaffilieerde lede kennis gee van die voorgestelde wysigings, met volle besonderhede daaromtrent;

- 7.1.1.2 Kennisgewing van voorgestelde wysigings deur geaffilieerde lede die Uitvoerende Hoofbestuurder minstens negentig (90) dae voor die datum van die Kongres moet bereik, behalwe waar die Algemene Raad en/of Dagbestuur wysigings voorstel; en
- 7.1.1.3 'n Meerderheid van stemme uitbring, ten gunste daarvan is.

## **7.2 TOEPASSING**

- 7.2.1 Hierdie Grondwet is die vierde Grondwet van Agri NW.

## **7.3 LIKWIDASIE OF ONTBINDING**

- 7.3.1 Geen mosie oor die likwidasië of ontbinding van die Organisasie sal oorweeg word, tensy dit kragtens 'n besluit van die Algemene Raad, gedoen word nie.
- 7.3.2 Die Organisasie sal gelikwideer word of ontbind indien twee-derdes van stemme uitbring deur die lede van die Algemene Raad of by 'n Spesiale Algemene Raadsvergadering by wyse van geslote stembrief, so 'n voorstel steun.
- 7.3.3 By likwidasië of ontbinding sal Agri NW se oorblywende eiendom en bates, na voldoening aan enige verpligtinge, nie uitbetaal of oorgedra word aan geaffilieerde of geassosieerde lede van die Organisasie nie, maar gegee of oorgedra word aan 'n ander instansie(s) met soortgelyke oogmerke as dié van die Agri NW en wat self ook vrygestel is van inkomstebelasting, welke oordrag deur die Algemene Raad of Spesiale Algemene Raadsvergadering goedgekeur moet word, met dien verstande dat indien daar by likwidasië of ontbinding nie sodanige instansie met soortgelyke oogmerke bestaan nie, die Organisasie se bates deur Agri SA in trust gehou sal word totdat so 'n Organisasie gestig is.

## **7.4 DISAFFILIASIE**

- 7.4.1 'n Besluit van die Organisasie om sy affiliasie met 'n geaffilieerde liggaam te verbreek kan tydens 'n Algemene Raad of Spesiale Algemene Raad geneem word. Ten minste twee-derdes van die stemgeregtigde Raadslede moet daarvoor stem.

## **7.5 VERTOLKING**

- 7.5.1 Die Algemene Raad vertolk die Grondwet indien daar enige onsekerheid bestaan oor die bedoeling van 'n bepaling, 'n woord, of 'n sinsnede, of indien enige probleme deur die toepassing van die Grondwet opgelos moet word.
- 7.5.2 Die Afrikaanse weergawe van die Grondwet sal vir vertolking gebruik word.

## **8. TOEPASSING EN GOEDGEURING VAN DIE GRONDWET VAN AGRI NW**

- 8.1 Hierdie Grondwet vervang alle vorige weergawes en sal voortaan as die enigste Grondwet van **AGRI NW** erken word.
- 8.2 Hierdie Grondwet is **GOEDGEKEUR** en **AANVAAR** tydens die **2018-JAARKONGRES** van **AGRI NW** wat gehou is te **LICHTEBURG** op **14 SEPTEMBER 2018**.



.....  
**PRESIDENT**

2018-09-14

.....  
**DATUM**



.....  
**UITVOERENDE HOOFBESTUURDER**



# BYLAES

## TOEPASSING VAN DIE VOORSKRIFTE VAN ARTIKEL 10(1)(d)(iv)(bb) EN 30B VAN DIE INKOMSTEBELASTINGWET, 1962

### BYLAAG 1

Die hierna gemelde bepalings vervat in Artikel 30B van die Inkomstebelastingwet No 58 van 1962 (onderhewig aan enige daaropvolgende wysigings van die betrokke Wetgewing) is te alle tye van toepassing en moet nagekom word, solank die Organisasie bestaan, naamlik:

#### 30B. Verenigings

- (1) By die toepassing van hierdie artikel beteken “entiteit”—
  - (a) ....;
  - (b) enige—
    - (i) ....;
    - (ii) genootskap; of
    - (iii) ander vereniging van persone, opgerig om die gemeenskaplike belange van persone (wat lede van die maatskappy, genootskap of vereniging van persone is) wat ’n spesifieke besigheid, professie of beroep beoefen, ooreenkomstig subartikel (2) deur die Kommissaris goedgekeur;
- (2) Behoudens subartikels (3) en (4) moet die Kommissaris ’n entiteit vir die doeleindes van artikel 10 (1) (d) (iii) of (iv) goedkeur indien—
  - (a) daardie entiteit ’n afskrif van die konstitusie of geskrewe stuk waarkragtens dit ingestel is by die Kommissaris ingedien het;
  - (b) die konstitusie of geskrewe stuk beoog in paragraaf (a) bepaal dat:
    - (i) die entiteit ’n komitee, besturende raad of soortgelyke beheerliggaam moet hê wat bestaan uit minstens drie persone, wat nie verbonde persone met betrekking tot mekaar is nie, om die fidusiêre verantwoordelikheid van daardie entiteit te aanvaar;
    - (ii) geen enkele persoon direk of indirek die besluitnemingsbevoegdheid met betrekking tot daardie entiteit beheer nie;

- (iii) die entiteit nie direk of indirek enige van sy fondse of bates aan enige persoon andersins as in die loop van die bevordering van sy oogmerke mag uitkeer nie;
- (iv) die entiteit verplig word om wesenlik die geheel van sy fondse aan te wend vir die uitsluitlike of hoof oogmerk waarvoor dit ingestel is;
- (v) geen lid direk of indirek enige persoonlike of private belang in daardie entiteit mag hê nie;
- (vi) wesenlik die geheel van die aktiwiteite van die entiteit gerig moet wees op die bevordering van sy uitsluitlike of hoof oogmerk en nie vir die spesifieke voordeel van 'n individuele lid of minderheids-groep nie;
- (vii) die entiteit nie 'n aandeel of ander belang in enige besigheid, professie of beroep wat bedryf word deur sy lede mag hê nie;
- (viii) die entiteit nie aan enige werknemer, amptenaar, lid of ander persoon enige besoldiging, soos omskryf in die Vierde Bylae, wat oormatig is met inagneming van wat algemeen as redelik geag word in die sektor en met betrekking tot die diens gelewer, mag betaal nie;
- (ix) wesenlik die geheel van die entiteit se befondsing verkry moet word van sy jaarlikse of ander langtermyn lede of uit 'n toewysing deur die regering van die Republiek in die nasionale, provinsiale of plaaslike sfeer;
- (x) die entiteit as deel van sy ontbinding sy bates moet oordra aan:
  - (aa) 'n ander entiteit ingevolge hierdie artikel deur die Kommissaris goedgekeur;
  - (bb) 'n openbare weldaadsorganisasie ingevolge artikel 30 goedgekeur;
  - (cc) 'n instelling, raad of liggaam wat kragtens artikel 10 (1) (cA) (i) van belasting vrygestel is; of
  - (dd) die regering van die Republiek in die nasionale, provinsiale of plaaslike sfeer;
- (xi) die persone beoog in paragraaf (b) (i) enige wysiging van die konstitusie of geskrewe stuk van die entiteit binne 30 dae van sy wysiging aan die Kommissaris sal voorlê;
- (xii) die entiteit sal voldoen aan die verslagdoeningsvereistes wat die Kommissaris van tyd tot tyd bepaal; en
- (xiii) die entiteit nie bewustelik 'n party is of sal wees by, en nie bewustelik toelaat of sal toelaat dat dit gebruik word as deel van, 'n ontoelaatbare vermydingsreëling beoog in Deel IIA van Hoofstuk III, of 'n transaksie, handeling of skema beoog in artikel 103 (5) nie.

# BEREKENING VAN ALGEMENE RAADSVERTENWOORDIGING

## BYLAAG 2

MUNISIPALE LANDBOUVERENIGING	2022/23-LEDETAL					PROPORSIONELE VERTEENWOORDIGING:							
	PLATINUM	GOUD	SILWER	ERE	TOTAAL	30		50		75		100	
AGRI BLOEHOF	6	7	3	0	16	1	0	1	0	1	0	1	0
AGRI CHRISTIANA	33	8	1	6	48	1	0	1	0	1	0	1	0
AGRI DELAREYVILLE	34	14	33	0	81	2	(+1)	1	(+1)	2	0	2	0
AGRI DRIEHOEK	20	3	4	0	27	1	0	1	0	1	0	1	0
AGRI GREATER TAUNG	38	16	18	0	72	2	(+1)	1	(+1)	1	0	1	0
AGRI HARTBEEFONTEIN	73	30	38	0	141	4	(+3)	2	(+1)	1	(+1)	1	(+1)
AGRI KLERKSDORP	1	5	3	0	9	1	0	1	0	1	0	1	0
AGRI KLIPPAN	20	16	35	5	76	2	(+1)	1	(+1)	1	0	1	0
AGRI KOSTER	9	1	1	0	11	1	0	1	0	1	0	1	0
AGRI LICHTENBURG	23	8	9	0	40	1	(+1)	1	0	1	0	1	0
AGRI MAREETSANE	22	24	17	0	63	2	(+1)	1	(+1)	1	0	1	0
AGRI MARICO-BOSVELD	17	8	7	0	32	2	(+1)	1	0	1	0	1	0
AGRI MOLOPO	163	66	38	4	271	9	(+8)	5	(+4)	3	(+2)	2	(+1)
AGRI OTTOSDAL	46	5	5	0	56	1	(+1)	1	(+1)	1	0	1	0
AGRI POTCHEFSTROOM	12	9	10	0	31	2	(+1)	1	(+1)	1	0	1	0
AGRI SANNIESHOF	19	18	7	0	44	2	(+1)	1	0	1	0	1	0
AGRI SCHWEIZER	45	7	1	0	53	2	(+1)	1	(+1)	1	0	1	0
AGRI SOETDORING	24	12	12	0	48	2	(+1)	1	0	1	0	1	0
AGRI VENTERSDORP	37	23	12	0	72	2	(+1)	1	(+1)	1	0	1	0
AGRI VLAKDRIF	4	2	1	0	7	1	0	1	0	1	0	1	0
AGRI VRYBURG	325	77	22	0	424	14	(+13)	8	(+7)	5	(+4)	4	(+3)
AGRI WOLMARANSSTAD	106	35	56	10	207	7	(+6)	4	(+3)	2	(+1)	2	(+1)
AGRI ZEERUST	17	6	16	0	39	2	(+1)	1	(+1)	1	0	1	0
VERWES BV	3	0	3	0	6	1	0	1	0	1	0	1	0
VIRTUELE LEDE	11	0	3	0	14	1	0	1	0	1	0	1	0
	<b>1108</b>	<b>400</b>	<b>355</b>	<b>25</b>	<b>1888</b>	<b>66</b>	<b>(+43)</b>	<b>40</b>	<b>(+24)</b>	<b>33</b>	<b>(+8)</b>	<b>31</b>	<b>(+6)</b>

### ALGEMENE RAAD

DAGBESTUUR	5
SPESIAITEITSKOMITEEVOORSITTERS	7
MUNISIPALE LANDBOUVERENIGINGS	24
BEDRYFSORGANISASIES	2
MAATSKAPPYE	2
<b>TOTAAL</b>	<b>40</b>

# FINANSIËLE- EN OUDIT- EN RISIKOKOMITEERIGLYNE

BYLAAG 3

## NAAM

Die Komitee staan bekend as die **FINANSIËLE- EN OUDIT- & EN RISIKOKOMITEE**.

## STATUS

- Die Komitee funksioneer as 'n Komitee en word deur die Algemene Raad aangestel.
- Die Komitee rapporteer direk aan die Algemene Raad, maar sal tussentyds verslag doen aan die Dagbestuur.

## DOELSTELLINGS

- Om in samewerking met die Algemene Raad en die Eksterne Ouditeure in belang van die Organisasie op te tree.
- Om toe te sien dat die Organisasie se begroting in ooreenstemming is met Agri NW se doelwitte.
- Om die akkuraatheid, betroubaarheid en geloofwaardigheid van die Organisasie se finansiële en nie-finansiële verslagdoening te verhoog en te verseker.
- Om hulp aan die Algemene Raad te verleen in die vervulling van hulle verantwoordelikhede en om te verseker dat die interne beheer, inligtingstelsels, rekenkundige praktyke en auditprosesse van Agri NW deurlopend toereikend, effektief en koste-effektief is.

## SAMESTELLING

- Die Komitee bestaan uit:
  - Die Uitvoerende Hoofbestuurder;
  - Adjunk-Hoofbestuurder;
  - Senior Administratiewe Beampte;
  - Drie (3) produsentelede (addisionele lede) wat oor die nodige finansiële- en bestuurskundigheid beskik deur die Algemene Raad aangewys;
  - 'n Vise-President wat optree as Voorsitter van die Komitee en rapporteer en aanbevelings doen aan die Dagbestuur en Algemene Raadsvergaderings en/of Kongres;
  - Die President as *ex-officio*-lid.
- 'n Verteenwoordiger van die Ouditeursfirma deur Agri NW aangestel word.
- Lede word vir 'n termyn van twee jaar aangestel, waarna die Algemene Raad uittredende lede vir 'n verdere termyn mag heraanstel. Die Algemene Raad behou hom die reg voor om lede na goeddunke uit die ampte te onthef en ander lede in hul plek aan te stel.
- Amptelike aanstelling of heraanstelling van lede van die Komitee geskied tydens die eerste vergadering van die Algemene Raad na afloop van die Kongres.

- Indien 'n vakature in die Komitee ontstaan, moet die Uitvoerende Hoofbestuurder, die President van die Organisasie sonder versuim daarvan in kennis stel. Die Algemene Raad moet by ontvangs van sodanige kennisgewing, of binne 'n redelike tydperk daarna, die vakature vul.
- Die Uitvoerende Hoofbestuurder en Senior Administratiewe Beamppte van Agri NW behartig die pligte van die Komitee.

## **FUNKSIONERING VAN DIE KOMITEE**

- Die Voorsitter van die Komitee is een van die Vise-Presidente van die Organisasie. Indien die Voorsitter tydens 'n vergadering afwesig is, tree die Uitvoerende Hoofbestuurder as Voorsitter op vir die vergadering.
- 'n Minimum van twee lede moet tydens 'n vergadering in eie persoon aanwesig wees om 'n kworum te vorm.
- Sake word beslis deur 'n meerderheid van stemme en by 'n staking van stemme word die saak verwerp. Daar moet gepoog word om konsensus oor sake te bereik, maar indien die saak wel verwerp word, moet dit aan die Algemene Raad gerapporteer word.
- Die Komitee vergader op 'n gereelde grondslag met 'n minimum van twee vergaderings per jaar, waarvan die vergaderingsdatums deur die Komitee self bepaal word met inagneming van veral datums waarop tussentydse en finale verslae van die Eksterne Ouditeure beskikbaar kom en begrotings hanteer moet word.
- Spesiale vergaderings kan deur enige lid van die Komitee versoek word.
- Goedgekeurde Notules moet van die vergaderings gehou word en verslag aan die Algemene Raad gedoen word, wanneer vergaderings plaasvind.

## **MAGTE**

Die Finansiële- en Oudit- & Risikokomitee is by magte om:

- Onderhoude met Raadslede, adviseurs en personeellede van die Organisasie te voer.
- Regstreeks met die Eksterne Ouditeure te skakel.
- Ondersoek in te stel na sake wat hy nodig ag en om advies van eksterne kundiges in te win.
- Onbelemmerde toegang tot rekords en inligting van die Organisasie te kry.
- Geskikte persone te koop teer om in die Komitee te dien waar spesifieke kundigheid benodig word.
- Op die nodige hulpbronne aanspraak te maak wat hy nodig mag vind om sy pligte en verantwoordelikhede na behore uit te voer en wat bekostigbaar is.
- Koop teer kundigheid na goe ddunke vir spesifieke take.
- Hanteer die oorhoofse bestuur, toesig en kontrolering van Agri NW se finansies.
- Is die enigste liggaam wat kapitaalprojekte (wat nie in die begroting vervat is nie) bo die bedrag van R20 000, kan aanbeveel vir goedkeuring aan die Dagbestuur.
- Hanteer algemene finansiële sake soos van tyd-tot-tyd deur die Kongres, Algemene Raad en/of Dagbestuur aan hom opgedra.
- Die Ouditeur en Agri NW moet voor goedkeuring van die finale oudit vir die volgende jaar konsensus verkry oor die ouditfooi en die aanstelling van die Ouditeur bevestig.

## **BEGROTINGSVERANTWOORDELIKHEDE**

- Die Komitee adviseer die Algemene Raad oor tydscale vir die afhandeling van die begroting, met dien verstande dat die Algemene Raad tydens sy eerste vergadering van die jaar, oorweging gee aan die begroting vir die opvolgende finansiële jaar.
- Beheerverslae word aan die Komitee tydens sy vergaderings voorsien vir die monitering van prestasie teenoor die begroting.
- Stel die jaarlikse begroting op vir goedkeuring deur die Algemene Raad gedurende Mei / Junie;
- Begrotingoorskrydings word na die Dagbestuur verwys vir oorweging en goedkeuring.

## **ODUIT EN RISIKO VERANTWOORDELIKHEDE:**

- Beoordeling van die voorgestelde ouditomvang en -benadering van die eksterne oudit om te verseker dat alle kritiese risiko-areas op 'n effektiewe wyse aangespreek word.
- Nagaan en evaluering van die effektiwiteit van die Eksterne Ouditeure se werksverrigting.
- Die evaluering van die toereikendheid van die Ouditprosedures wat uitgevoer moet word, welke prosedures die toetsing van kontroles en die kontrolering van die rekeningkundige rekords moet insluit.
- Versekering dat die eksterne oudit onafhanklik gedoen word en nie in enige mate beperk of gekortwiek is nie.
- Notering van die datums wanneer verslae ingedien moet word en wanneer Finansiële Jaarstate en ander toepaslike vereistes gefinaliseer moet word.
- Identifisering van stappe wat gedoen moet word om probleme wat in die vorige finansiële jaar teëgekom is te vermy, om sodoende onnodige ouditwerk te vermy.

## **Die Finansiële Oudit- en Risiko Komitee gee oorweging aan die volgende aspekte:**

- Die effektiwiteit van die interne rekeningkundige beheer soos tydens die eksterne oudit geïdentifiseer.
- Beduidende meningsverskille tussen die Eksterne Ouditeur en die Administrasie.
- Enige wesentlike onopgeloste rekeningkundige en ouditprobleme wat gedurende die eksterne oudit geïdentifiseer is.
- Veranderinge in die omvang of benadering van die eksterne oudit in reaksie op veranderde omstandighede of probleme wat ondervind is teenoor dit wat in die oorspronklike Ouditplan uiteengesit is.
- Aanbevelings aan die Algemene Raad oor die aanstelling en/of heraanstelling van die Eksterne Ouditeur en die oorweging van die begrote ouditfooie en vergoeding wat aan die Eksterne Ouditeur betaal word.
- Monitering van die finansiële oordeel en optrede van die personeel van Agri NW.

## **Die Finansiële Oudit- en Risiko Komitee se verslagdoening sluit die volgende in:**

- 'n Beoordeling of daar aan die algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk en ander voorskrifte by die opstel van die Finansiële Jaarstate voldoen is.
- Openbaarmaking van enige moontlike risiko's vir die Algemene Raad deur dit onder die aandag van die President te bring.

### **Kontroleverwante aspekte:**

- Beoordeling van die beleid en prosedures wat deur die Algemene Raad in werking gestel is ten einde te verseker dat die rekenkundige en verwante interne beheerstelsels toereikend is en effektief funksioneer.
- Identifikasie van belangrike risiko's waaraan die Algemene Raad blootgestel is en bevestiging dat die interne beheerstelsels daarby betrokke, toereikend is en effektief funksioneer.
- Beoordeling van geïdentifiseerde swakhede in die rekenkundige en interne beheerstelsels, en die stappe geneem om die geïdentifiseerde swakhede reg te stel.

### **Interne oudit-aangeleenthede:**

- Die evaluering van die doeltreffendheid en effektiwiteit van die hantering van die Organisasie se finansies en beheermaatreëls.

## **PERSONEELVERGOEDINGSKOMITEE**

### **SAMESTELLING:**

- Uitvoerende Hoofbestuurder;
- President; en
- Twee Vise-Presidente.

### **VERANTWOORDELIKHEDE:**

Die Komitee is verantwoordelik:

- Om jaarliks gedurende Augustus algemene salarisverhogings te bepaal met inagneming van die inflasiekoers en die finansiële posisie van Agri NW, asook die meriete van elke pos.
- Om spesifieke salarisaanpassings op meriete te oorweeg en te maak gebaseer op 'n verhoogde werkslas en/of addisionele verantwoordelikheid op aanbeveling van die Uitvoerende Hoofbestuurder.
- Om wanneer toepaslik posvlakvergoedings te evalueer teen die heersende vergelykbare arbeidsmark en aanpassings in ooreenstemming daarmee te oorweeg.
- Om jaarlikse diensbonusse op grond van meriete toe te staan op aanbeveling van die Uitvoerende Hoofbestuurder.

# **SPECIALITEITSKOMITEES DEUR DIE ALGEMENE RAAD AANGESTEL**

## **BYLAAG 4**

Die Grondwet bepaal dat die Algemene Raad die volgende Spesialiteitskomitees aanstel:

- **Arbeid en Maatskaplike Komitee;**
  - **Arbeid**
  - **Gesondheid**
  - **Opleiding**
- **Kommersiële Komitee**
  - **Ekonomiese Sake**
  - **Elektrisiteit**
  - **Plaaslike Regering**
  - **Vervoer**
- **Kommunikasie & Beeldboukomitee**
- **Landelike Veiligheidskomitee**
- **Natuurlike Hulpbronnekomitee**
  - **Omgewingsake**
  - **Watersake**
- **Landbou-Ontwikkeling en Boerontwikkeling hanteer die volgende aangeleenthede:**
  - **Grondsake;**
  - **Grondhervorming;**
  - **Restitusie; en**
  - **Boerontwikkeling**
- **Finansiële- en Oudit & Risikokomitee**
- **Jongboerkomitee**

'n Spesialiteitskomitee word saamgestel uit verteenwoordigende lede van al die Munisipale Landbouverenigings.

Met die uitsondering van Agri NW Jongboerkomitee verkies die Algemene Raad 'n Voorsitter vir elke Spesialiteitskomitee wat verkieslik 'n dienende Raadslid moet wees. Elke Funksionele Komitee verkies sy eie Vise-Voorsitter uit eie geledere. Elke Komitee kan sy eie dagbestuur verkies na behoefte.

Die Spesialiteitskomitees word gekonstitueer tydens die eerste vergadering van die Algemene Raad na afloop van die Kongres.

Die Algemene Raad kan ook 'n Regsadvieskomitee aanstel om die Organisasie te adviseer oor sy betrokkenheid by Regsgedinge en Litigasie.



# DELEGASIE / GOEDKEURINGSMAGTE

## BYLAAG 5

Goedkeuring word gegee deur die betrokke persoon se handtekening of in die geval van die Algemene Raad, 'n Algemene Raad- of Dagbestuursnotulebesluit.

### 1. UITGAWES

Drie tipes uitgawes word onderskei naamlik:

#### 1.1 KAPITAALUITGAWES

- Kapitaaluitgawes is nie-verbruikbare depreseerbare items ten opsigte van uitbreiding, vervanging en opgradering van vaste bates. Dit behels ook rekenaar-toerusting, sagteware, meubels en ander kantoortoerusting. Die uitgawes kan slegs aangegaan word indien minstens twee kwotasies verkry is.
- Sodanige uitgawes moet voorsien word in die jaarlikse begroting.

##### 1.1.1 MAGTIGING

- Uitvoerende Hoofbestuurder.
- Vir tussentydse- en onbegrote uitgawes moet magtiging by die Finansiële Komitee verkry word.

#### 1.2 ANDER UITGAWES

- Ander uitgawes is verbruikbare items wat die volgende insluit: bedryfsuitgawes, onthaalkoste, konsultasiedienste, herstel en onderhoud en aankoop van voorraad.

##### 1.2.1 MAGTIGING

- Vir begrote uitgawes, die Uitvoerende Hoofbestuurder.
- Onbegrote uitgawes en koste van Regsgedinge moet deur die Dagbestuur goedgekeur word.

#### 1.3 REIS- EN VERBLYFKOSTE

##### 1.3.1 MAGTIGING

- Reisreëlings van personeel moet vooraf aan die Uitvoerende Hoofbestuurder bekend gemaak word vir oorweging en goedkeuring.

### 2. KONTRAKTE

Kontrakte behels daardie dokumente waar die Organisasie kontraktueel verbind word of dokumentasie wat in Regsgedinge gebruik word.

## **2.1 MAGTIGING**

- Kontrakte word deur die President en Uitvoerende Hoofbestuurder onderteken, tensy die Dagbestuur anders sou besluit.
- Die Dagbestuur kan besluit watter kontrakte met goedkeuring van die President aangegaan kan word vir rapportering aan die Algemene Raad.
- Alle ander kontrakte moet aan die Dagbestuur vir goedkeuring voorgelê word.

## **3. DEBITEURE**

Hierdie afdeling verwys na die terugskrywing van rente, uitreik van kredietnotas en afskrywing van slegte skuld.

### **3.1 MAGTIGING**

- Alle afskrywings van slegte skuld, moet deur die Finansiële- en Oudit- & Risikokomitee aanbeveel en deur die Dagbestuur en Algemene Raad goedgekeur word.
- Die afskryf van affiliasiegeld moet deur die Finansiële- en Oudit- & Risikokomitee aanbeveel en deur die Dagbestuur en Algemene Raad goedgekeur word.
- Terugskrywing van rente en uitreik van kredietnotas, moet deur die Uitvoerende Hoofbestuurder goedgekeur word op aanbeveling van die Finansiële- en Oudit- & Risikokomitee.

## **4. VOORRAADBEHEER**

- Voorraadbeheer moet op die volgende items toegepas word:
  - Rekenaars & Rekenaartoerusting; en
  - Kantoormeublement.
- Rekords moet gehou word en voorraadtellings moet gedoen word deur persone aan wie hierdie verantwoordelikhede toegeken word.

## **5. TEKENMAGTE EN ELEKTRONIESE INTERNEBANKDIENSTE**

- Alle betalings en elektroniese oorplasings word deur die Uitvoerende Hoofbestuurder goedgekeur.

## **6. ALGEMENE REËLS**

Alle goedkeurings ten opsigte van koste wat aangegaan moet word, moet eers deur die Uitvoerende Hoofbestuurder as begrote uitgawes geverifieer word, waarna die Finansiële- en Oudit- & Risikokomitee magtiging sal verleen.

Die Uitvoerende Hoofbestuurder:

- hanteer die dag-tot-dag oorhoofse finansiële bestuur van Agri NW;
- kontroleer en keur alle Betalingsaanvraagvorms goed;
- rapporteer en doen aanbevelings aan die Voorsitter van die Finansiële- en Oudit- & Risikokomitee, Dagbestuur, Algemene Raad en/of Kongres;
- keur alle kapitaalprojekte en algemene uitgawes (binne die begroting) goed; en
- hanteer algemene finansiële sake soos van tyd-tot-tyd deur die Kongres, Algemene Raad en/of Dagbestuur en Vergoedingskomitee aan hom opgedra.

Die Dagbestuur:

- is die hoogste gesag wanneer die Algemene Raad nie in sitting is nie en hanteer as sodanig alle noodsaaklike finansiële sake en verwys sake wat beleiduit-spraak(e) en/of goedkeuring verg na die Algemene Raad vir goedkeuring en afhandeling;
- hantering en goedkeuring van honoraria en reis- en verblyfaanpassings wat binne die begrotingsraamwerk val;
- begrotingoorskrydings word deur die Finansiële- en Oudit- & Risikokomitee oorweeg en goedgekeur of ander gepaste stappe geneem; en
- hanteer alle finansiële aangeleenthede soos deur die Finansiële- en Oudit- & Risikokomitee na hom verwys.

## **7. OORPLASING VAN FONDSE**

- Oorplasing van fondse mag slégs tussen Agri NW se Lopende en Geldmarkrekeninge gedoen word en nié na enige ander Organisasie of persoon se bankrekening oorgeplaas word nie.
- Sodanige oorplasings word slegs gemagtig en goedgekeur deur die Uitvoerende Hoofbestuurder van Agri NW.

# FINANSIËLE OUDIT EN RISIKO KOMITEEBEPLANNING

BYLAAG 6

TEIKENDATUM	AKSIE
Jaarliks Oktober	<p><u>Algemene Raadsvergadering:</u></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Verkiesing / Aanstelling van drie addisionele Komiteelede.</li> <li>• Name en goedkeuring van persone deur Uitvoerende Komitee – per E-pos.</li> <li>• Aanwys van drie addisionele Komiteelede.</li> </ul>
Jaarliks Februarie	<p><u>Fin Komitee Vergadering bespreek:</u></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bestuur / bespreek halfjaar resultate met Finansiële Komitee.</li> <li>• Beoordeel vooruitskouing van volgende ses (6) maande tot jaareinde op 31 Julie. 'n Projeksietafel moet opgestel word, sodat die werklike syfers vergelyk kan word met die Begroting.</li> <li>• Bespreek probleme / risiko's.</li> <li>• Konsepbegroting opstel / bespreek tydens die Finansiële Komitee om aan die Algemene Raad voor te lê vir bespreking tydens die Algemene Raadsvergadering in Maart.</li> </ul>
Jaarliks 28 Februarie	<p><u>Agri NW-Hoofkantoor:</u></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Uitstuur van Ledelyste aan Affiliasies vir rekonsiliëring.</li> </ul>
Jaarliks Maart	<p><u>Algemene Raadsvergadering bespreek:</u></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Lê Konsepbegroting voor aan die Algemene Raad.</li> </ul>
Jaarliks einde April	<p><u>Vergoedingskommissaris:</u></p> <p>PWC se aanslag elektronies indien en betaling deur Agri NW gedoen word.</p>
Jaarliks 31 Mei	<p><u>Rekonsiliëring van Ledelyste:</u></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Gerekonsilieerde Ledelyste moet deur die Affiliasies teruggestuur word aan Hoofkantoor.</li> <li>• Pas Konsepbegroting aan.</li> </ul>
Jaarliks Junie	<p><u>PWC – Tussentydse audit:</u></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Finansiële Komiteevergadering om: <ul style="list-style-type: none"> <li>➢ Betrokke Finansiële Jaar se syfers te bespreek; en</li> <li>➢ Voorlê en bespreek van nuwe Finansiële Jaar se Begroting.</li> <li>➢ PWC/Komitee bespreek probleme en PWC voorsien hul gevolgtrekkings / aanbevelings skriftelik.</li> </ul> </li> </ul>
Jaarliks Junie	<p><u>Algemene Raadsvergadering:</u></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Lê Begroting voor aan die Algemene Raad vir goedkeuring.</li> </ul>
Jaarliks Julie	<p><u>PWC Engagement Letter:</u></p> <p>Mnr P du Toit moet dit namens Agri NW onderteken.</p>
Jaarliks Augustus	<p><u>PWC:</u></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Oudit van dokumente deur PWC en opstel van Konsep Finansiële State. <ul style="list-style-type: none"> <li>➢ Middel Julie: Beplan oudit.</li> <li>➢ Laaste week van Jul – eerste week van Aug: Risiko's, Stelselbeskrywing, ens.</li> <li>➢ Na afsluiting van Jul – Eerste week van Aug: Verskaf stawende dokumentasie aan PWC.</li> <li>➢ Aug: Steekproewe en toetswerk - PWC.</li> </ul> </li> </ul>

TEIKENDATUM	AKSIE
	<ul style="list-style-type: none"> <li>➤ Middel Aug: PWC moet die Jaarlikse Konsep Finansiële State opstel en voorlê tesame met die Konsepbevindingsverslag. Mnr P du Toit moet dit namens Agri NW goedkeur / onderteken.</li> </ul>
<p>Jaarliks Einde Augustus</p>	<p><u>Finansiële Komiteevergadering:</u></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Einde Aug: Bespreek finale ouditbevindinge.</li> <li>• Voorlê van Konsepstate deur PWC aan die Finansiële Komitee.</li> <li>• Bespreking / Goedkeuring van Finansiële- en Oudit- &amp; Risiko-komiteebeplanning.</li> <li>• PWC lê hul Aanstellingsdokument / Fooie voor vir goedkeuring.</li> <li>• Einde Aug: Voorbereiding vir Kongres.</li> </ul>
<p>Jaarliks 1ste Week van September</p>	<p><u>Kongres:</u></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Voorlegging van Finansiële State aan Kongres deur PWC / Finansiële Komiteelid.</li> <li>• Goedkeuring van Finansiële State deur Kongres.</li> </ul>
<p>Jaarliks 30 September</p>	<p><u>Affiliasies:</u>                      Affiliasies ontvang 5% korting indien hul Affiliasiegeld ten volle opbetaal is voor óf op 30 September.</p>

# AGRI NW-STUDIEBEURSFONDS

## BYLAAG 7

### 1. AANHEF

Die toekoms word bepaal deur die kwaliteit van mense wat deel is / vorm van 'n Organisasie. Dit is dus belangrik dat goeie en talentvolle mense vroeg in hulle lewe te identifiseer, nader te trek en op te lei sodat hulle 'n waardevolle bydrae tot 'n bepaalde sektor se toekoms kan maak. Talentvolle mense waarborg dus 'n rooskleurige toekoms, aangesien hulle altyd 'n plan kan maak, ongeag die omstandighede. Agri NW erken dus sy verpligting tot die Landbousektor om te verseker dat 'n voldoende hoeveelheid talentvolle jongmense vroeg geïdentifiseer word, as gegradueerdes opgelei word en dat hulle so vroeg as moontlik by Georganiseerde Landbou se aktiwiteite betrek word.

Die woorde “beursskema”, “beurs”, “studiebeurs”, “studiebeursfonds” en “studiebeursfondskomitee” in hierdie dokument verwys na Studiebeurse toegeken deur Agri Noordwes.

### 2. DOEL

Die hoofdoel van die beursskema is om jong talentvolle mense na 'n studierigting in Landbou te trek en om 'n klein bydrae tot hulle onderrig te maak, sodat hulle weselik tot die toekoms van Landbou in Suid-Afrika sal bydra..

### 3. BEHEER EN BESTUUR

Die bestuur van die fonds en toekenning van beurse moet ten alle tye op billike en deursigtige wyse geskied. Die beheer en bestuur van die Komitee word deur die Beurskomitee behartig wat uit die volgende lede bestaan:

- Uitvoerende Hoofbestuurder: Agri NW
- President: Agri NW (*ex-officio*)
- Vise-President (een van twee, genomineer deur die Dagbestuur na verkiesings in Oktober)
- Voorsitter: Finansiële- en Risiko & Ouditkomitee
- Gekoöpteerde Agri NW lid, nie deel van Agri NW-Bestuurstrukture nie (dit wil sê 'n onafhanklike lid).

Die voorsitter van die vergadering word uit bogenoemde lede gekies en alle vergaderings en besluite moet genotuleer en geboekstaaf word. Enige dokumentasie met betrekking tot die werking van die komitee sal vrylik beskikbaar gemaak word aan enige lid van Agri NW, sou dit verlang word. Die termyn van die komiteeledes is een jaar en word jaarliks na die Agri NW-Kongres by die eerste daaropvolgende Algemene Raadsvergadering hernu.

## 4. FINANSIES

### 4.1 STRUKTUUR VAN FONDS

Enige bedrag geskenk en/of toegedeel aan die studiefonds word alleenlik vir studiebeurse gebruik en sal nie op ander koste items spandeer word nie.

Geen addisionele administratiewe koste word op die beursfonds gehef nie. Elke rand wat vir die studiefondse deur donateurs geskenk word, word vir studiebeurse gebruik. Administrasie, bemarkingskoste en bankkoste word deur die bestaande Agri NW-personeel en begroting hanteer.

Die bedrae word in 'n afsonderlike Bankrekening/Beleggingsrekening gehou en finansiële bestuur en rekords sal afsonderlik in die Finansiële State aangedui en geoudit word.

#### (a) BEFONDSING

Befondsing geskied deur:

- Vrywillige donasies van Landboudiensverskaffers, besighede of produsente.
- Toedelings van Agri NW-surplusse, van tyd tot tyd voorgestel deur die Finansiële- en Oudit- & Risikokomitee en goedgekeur deur die Algemene Raad.

Die nodige erkenning moet aan alle donateurs vir hulle bydraes tydens Kongres gegee word.

## 5. TOEDELING VAN FONDSE

Die beursfonds poog om so gou moontlik 'n substantiewe kapitaalwaarde op te bou sodat slegs die rente, met aanpassing vir inflasie aan die kapitaalwaarde, vir beursuitbetalings gebruik kan word. Die volle waarde van die beurs wat aan 'n student toegeken word, moet dus befonds wees, alvorens die beurs toegestaan word. As tussentydse maatreël word die toedeling van fondse soos volg gedoen:

- Die eerste beurs word toegeken as die kapitaalwaarde van die fonds R220 000.00 bereik.
- Een beurs bestaan uit 'n kontantbedrag van R10 000.00 per jaar, vir die aantal jare wat die student studeer.

Die oorblywende kapitale fonds (dit wil sê R210 000.00 in daaropvolgende jaar) word belê, sodat die rente op die kapitaalwaarde, aangepas vir inflasie, die tweede jaar se Beurs befonds. Die proses word vir die derde en vierde jaar van studie herhaal, ensovoorts.

- opbrengs op belegging (dit wil sê opbrengs op kapitaalwaarde van die Fonds); en
- heersende inflasiekoers.

- Die aantal beurse toegeken word dus bepaal deur die Beursfondskomitee met inagneming van:
  - die kapitaalwaarde van die Beursfonds;
  - opbrengs op belegging (dit wil sê opbrengs op kapitaalwaarde van die Fonds); en
  - heersende inflasiekoers.

Die Beursfondskomitee het die bevoegdheid om bogenoemde bedrae aan te pas om vir inflasie voorsiening te maak.

Uitbetalings word in twee paaiemente gedoen – aan die begin van die akademiese jaar (Februarie) en die tweede uitbetaling word met aanvang van die tweede semester (Augustus) gemaak, mits die begunstigde aan die vereistes van sy beurskontrak voldoen. Uitbetalings van beurse word direk aan die Universiteit of instansie waar die student studeer betaal en nie aan die student self nie. Die Studiebeurs is slegs vir klasgeld.

## **6. BEGUNSTIGDES**

### **(1) WIE KAN AANSOEK DOEN**

- (a) Agri NW-lede se kinders of hulle voltydse werknemers se kinders, insluitend plaaswerkers,
- (b) Suid-Afrikaanse burgers;
- (c) Die studierigtings wat in aanmerking kom vir beurs:
  - Agronomie
  - Veeteelt
  - Landbou-ekonomie
  - Administratiewe reg (LL.B. graad), en
  - Die kursus moet ten minste graad-vlak by 'n geakkrediteerde Suid-Afrikaanse Universiteit aangebied word; en
- (d) Moet bewys van toelating tot betrokke Universiteit kan lewer of moet tans vir voorgraadse studie ingeskryf wees.

### **(2) INDIENING VAN AANSOEKE**

Die Beurskomitee bepaal of 'n beurs vir die betrokke jaar befonds kan word. Indien geen geskikte aansoekers vir 'n bepaalde jaar gevind kan word nie, kan die toekenning vir 'n jaar uitgestel word. Indien wel word uitnodigings vir aansoeke aan affiliasies in Augustus uitgestuur. Aansoeke word op die standaard Beursaansoekvorm gedoen en aansoekers moet inligting wat benodig word ten volle verskaf. Aansoeke wat nie volledig voltooi is nie, kan nie in aanmerking kom vir die toekenning van 'n beurs nie. Aansoeke sluit op 31 Oktober en toekennings moet teen 30 November gedoen word.



### **(3) EVALUASIE EN KEURING VAN AANSOEKERS**

In belang van billikheid, deursigtigheid en regverdigheid sal elke aansoeker se aansoek oorweeg word en die volgende prosedure sal word gevolg:

- Beoordeel administratiewe voldoening van die aansoek. Geen aansoek word oorweeg wat as daar nie aan die administratiewe vereistes voldoen is nie. Hierdie sluit in:
  - Alle inligting is verskaf.
  - Ouer(s) is Agri NW-lede of voltydse werknemers van Agri NW-lede.
  - Suid-Afrikaanse burger.
  - Studierigting voldoen aan vereistes van Beursfonds 6(b).
  - Kursus is op graad-vlak.
  - Bewys van toelating of inskrywing is gelewer.
- Beoordeel aansoek na aanleiding van standaard puntetoekenningstabel. (Voltooi deur Agri NW-personeel).
- Voorkeur word verleen aan studente wat sy of haar eerste jaar alreeds voltooi het.
- Die finansiële posisie van potensiële kandidate sal ook in berekening gebring word om talentvolle studente, wie se ouers nie noodwendig oor die finansiële middele beskik nie, te bevoordeel. Met ander woorde as twee studente presies dieselfde punte behaal het, sal die aansoeker met minder finansiële middele, tydens die evaluasie bevoordeel word.
- 'n Kortlys van kandidate wat die meeste punte tydens evaluering behaal het, word saamgestel en deur personeel aan die Beurskomitee verskaf.
- Die Beurskomitee voer onderhoude met die kandidate op die kortlys en voltooi evalueringsvorm vir elke kandidaat.
- Kandidate met die hoogste punte tydens onderhoude word aanbeveel vir die beurs(e).
- Alle evaluasierekords sal vir 'n tydperk van ses maande bewaar word en enige aansoeker moet van redes verskaf word, waarom die aansoek nie suksesvol was nie, sou hy of sy dit vereis.

### **(4) TYDPERK VAN BEURSE**

Die Beurskomitee besluit oor die tydperk van toekenning, met inagneming van die jaar waarin die begunstigde hom of haarself bevind. Die tydperk van toekenning word in die beurskontrak met begunstigde vervat. Byvoorbeeld, 'n beurs van vier (4) jaar kan aan 'n eerstejaarstudent toegeken word, maar ook vir een (1) jaar aan 'n derdejaarstudent.

### **(5) VOORWAARDES**

Die Beursfonds standaard kontrak word met die begunstigde gesluit, indien die begunstigde die beursaanbod aanvaar. Hierdie kontrak bevat al die voorwaardes vir die beurstoekenning. Indien die begunstigde nie 'n semester of jaar slaag nie, mag die beurs gekanselleer word of tydelik word gestaak word na gelang die spesifieke omstandighede van die saak. Terugbetaling indien 'n student nie aan die vereistes voldoen nie, word in die beurskontrak gespesifiseer.

## **(6) TEENPRESTASIE**

- i) Vorderingsverslae moet deur begunstigdes elke ses maande ingedien word.
- ii) Die begunstigde moet 'n volle akademiese lading volg en aan die minimum akademiese vereistes van die betrokke program voldoen.
- iii) Minstens twee-derdes van sy/haar krediete van die vorige akademiese jaar slaag.
- iv) Moet Agri NW-Kongres bywoon in jare waarin beurs toegeken is.
- v) Begunstigdes sal aangemoedig word om ook 'n bydrae aan die fonds te doen nadat die kwalifikasie verwerf is. Hierdie versoek is nie verpligtend nie.
- vi) Indien die begunstigde nie voldoende teenprestasie lewer nie, mag die Beurskomitee besluit om die beurs te kanselleer.

Indien die begunstigde nie sy studies voltooi of die beurs gekanselleer word as gevolg van onvoldoende teenprestasie, moet alle toekennings deur die begunstigde terug betaal word plus rente teen die heersende prima rentekoers, pro-rata bereken. Die prosedure vir terugbetaling word in die Beurskontrak vervat.

## **7. WYSIGINGS**

Wysigings tot hierdie beleid kan van tyd tot tyd deur die Algemene Raad van Agri NW met 'n gewone meerderheid van stemme gemaak word. Voldoende kennisgewing en redes vir veranderinge sal op die bestaande wyse geskied.

# HANTERING EN BESTUUR VAN DIE REGSHULPFONDS

## BYLAAG 8

### Voorgestelde bewoording:

6. Die Regshulpfonds is 'n gereserveerde toegewyde Fonds wat slegs vir Regs-aksies aangewend mag word. Die volgende strukture en voorsitters het gesamentlik die besluitnemingsmagte oor hoe hierdie fondse aangewend en uitbetaal moet word.

- Agri NW-Dagbestuur.
- Die Voorsitter van die Finansiële- en Oudit- & Risikokomitee.
- Die Voorsitter van die Spesialiteitskomitee wat hierby belang het.
- Die Algemene Raad.

'n Vasgestelde Aansoekprosedure en goedkeuringsprosedure moet gevolg word om algemene instemming en goedkeuring van die belanghebbendes te verkry.

Die volgende kriteria moet in aanmerking geneem, per aansoek gemotiveer en skriftelik ingedien word op 'n voorgeskrewe formaat om volgens prosedure oorweeg te word vir goedkeuring:

- Slegs opbetaalde lede van Agri NW kwalifiseer vir maandelikse regshulp.
- Lede van Agri NW, Landbouverenigings, sowel as Spesialiteitskomitees kan vir regshulp aansoek doen.
- 'n Beskrywing van die belang of beginsel wat beskerm of gedien moet word.
- Daar moet ook aangedui word hoe hierdie spesifieke vraagstuk en die hantering daarvan van toepassing is ook tot voordeel van ander produsente se soortgelyke uitdagings en belange.
- Die beraamde koste verbonde aan die tersaaklike regsaksie indien beskikbaar.
- Watter bydrae gaan die direk geaffekteerde gemeenskap maak om die regsaksie te help befonds.
- Regshulp is afhanklik van die beskikbaarheid van fondse binne die Regshulpfonds volgens die diskresie van die Dagbestuur.
- Die regspraktisyn wat aangestel word kan deur Agri NW bepaal word, mits die aansoeker se voorgestelde regspraktisyn nie goedgekeur word nie.
- Agri NW behou die reg voor om verdere regshulp te weerhou indien 'n skikking buite die hof sonder die uitdruklike instemming van Agri NW aangegaan word. Indien dit eensydig plaasvind is Agri NW geregtig om die Regshulpfondse wat reeds spandeer is vanaf die begunstigde aansoekers terug te eis en te verhaal.
- Volledige en intydse skriftelike terugvoering aan Agri NW oor vordering met enige saak word vereis.

Prosedure vir oorweging en implementering:

- Die Dagbestuur, Voorsitter van die Finansiële- en Oudit- & Risikokomitee en Voorsitter van die belanghebbende Spesialiteitskomitee oorweeg die meriete van die aansoek en doen 'n aanbeveling aan die lede van die Algemene Raad tydens 'n vergadering of deur middel van elektroniese kommunikasie.
- Die Algemene Raad bekragtig of keur die aansoek af met 'n meerderheid van stemme tydens 'n vergadering of deur middel van elektroniese kommunikasie.

- Die besluit vind toepassing en word administreer deur Agri NW-Hoofkantoor en word bestuur deur die Dagbestuur in samewerking met die betrokke Voorsitter.
- Agri NW se Dagbestuur beskik oor die bevoegdheid om dringende aansoeke en sake soos byvoorbeeld die verkryging van hofinterdikte goed te keur, mits die bedrag nie R20 000 oorskry nie.
- Agri NW se Dagbestuur beskik ook oor die bevoegdheid om prioriteite vir oorweging te bepaal indien meer as een aansoek gelyktydig ingedien word.

# AANSOEKVORM VIR REGSHULP IN OOREENSTEMMING MET AANHANGSEL 8 VAN AGRI NW SE GRONDWET

Hierdie aansoek en die hantering daarvan is streng onderworpe aan die bepalings en nakoming van Aanhangel 8 van Agri NW Grondwet.

Datum: .....

1. Naam van persoon / Instansie wat aansoek doen:	
Volle name en van:	
Identiteitsnommer:	
Landbouvereniging:	
Plaasnaam:	
Selfoonnommer:	
E-posadres:	
Spesialiteitskomitee:	
Voorsitter:	
2. Gee 'n beskrywing van die belang of beginsel wat beskerm of gedien gaan word indien die regsaksie suksesvol deurgevoer word.	
3. Dui aan en verduidelik hoe hierdie spesifieke vraagstuk en die hantering daarvan van toepassing is ook tot voordeel van ander produsente se soortgelyke uitdagings en belange.	
4. Wat is die beraamde koste verbonde aan die tersaaklike regsaksie wat in die vooruitsig gestel word.	

5. Dui aan watter bydrae die direk geaffekteerde gemeenskap maak om die regsaksie te help befonds.	
6. Indien 'n spesifieke Regspraktisyn beoog word verskaf die persoon se kontak-besonderhede.	
Firma Naam:	
Naam van Prokureur:	
Selfoonnommer:	
E-posadres:	

Hiermee bevestig ek die ondergetekende dat ek vertrou is met die voorwaardes en kriteria vir regshulp en dat bostaande Aansoekvorm daarvolgens voltooi is.	
Naam en Van:	
Handtekening:	
Datum:	
Plek:	

# LIDMAATSKAPKATEGORIEË

## BYLAAG 9

Wysigings aan die Lidmaatskapkategoriestatus van lede mag slegs aangebring word, indien dit jaarliks behoorlik na Agri NW-Hoofkantoor gemotiveer word vir bekragtiging tydens die proses met die suiwing van Ledelyste.

- Daar word sterk gesteun op die grondvlakaffiliasies se integriteit en objektiewe beoordeling in die toepassing van die onderstaande riglyne.

**Platinum-Lidmaatskap:** (R4 039.00 BTW uitgesluit) / R4 644.85 (BTW ingesluit)

Hierdie Kategorie verteenwoordig die grootste komponent van die Kommersiële Landbou-sektor, ongeag die ondernemingsvorm, waarbinne dit funksioneer. Hooflede word normaalweg as die Eienaar, Besturende Direkteur, Trustee of Uitvoerende Hoofbestuurder van die onderneming omskryf. In algemene spreektaal verteenwoordig dit die primêre broodwinner of hoofverantwoordelike persoon. Jong boere wat onafhanklik van die primêre broodwinner boer, kwalifiseer ook vir hierdie Kategorie.

- Vergunning:  
'n Platinum-lid wat vanweë 'n ernstige finansiële terugslag nie die affiliasiegeld van die Platinum-Lidmaatskapkategorie kan bekostig nie, mag met die diskresie van die Bestuur van die betrokke affiliasie op 'n jaarlikse basis verskuif word na die Goud-Lidmaatskapkategorie. Sodra hierdie persoon dit weer kan bekostig word sy status as Platinum-lid weer herstel met die betaling van die volle affiliasiegeld.

**Goud-Lidmaatskap:** (R2 021.00 BTW uitgesluit / R2 324.15 (BTW ingesluit)

- Familieboerdery:  
Indien die primêre broodwinner die vader is en as Platinum-lid betaal, kwalifiseer die seuns wat saam met hom boer, asook plaasbestuurders vir Goud-lidmaatskap.
- Boerdery-onderneming:  
Waar die Eienaar, Besturende Direkteur, Trustee of Uitvoerende Hoofbestuurder van 'n Onderneming reeds as Platinum-lid betaal, kwalifiseer plaasbestuurders as Goud-lede.

**Silwer-Lidmaatskap:** (R1 010.00 BTW uitgesluit / R1 161.50 (BTW ingesluit)

Dit is persone wat lidmaatskap verlang en 'n belang het by Landbouverwante-aspekte en met Agri NW wil assosieer en saamwerk.

Nota: Die Finansiële Jaar strek vanaf 1 Augustus tot 31 Julie.

# ERETOEKENNINGS

## BYLAAG 10

### Erelidmaatskap deur Agri NW:

Om ooreenkomstig die volgende prosedure deur die Algemene Raad op 'n gepaste wyse eer te betoon aan persone wat besondere diens aan die Organisasie en/of die Landbou in die Noordwes Provinsie gelewer het, met dien verstande dat, tensy anders vermeld, dit geen regte vir die betrokke persoon ingevolge die Grondwet meebring nie.

- Die Algemene Raad kan aan 'n uittredende of uitgetrede President 'n Erepresidentskap toeken, welke Erepresident geregtig sal wees om Jaarkongresse op koste van Agri NW by te woon, sonder die regte van 'n afgevaardigde.
- Die Algemene Raad kan aan 'n uittredende of uitgetrede Vise-President 'n Ere-Vise-Presidentskap toeken, welke Ere-Vise-President geregtig sal wees om Jaarkongresse op koste van Agri NW by te woon, sonder die regte van 'n afgevaardigde; en
- Die Algemene Raad kan aan enige instansie 'n Eretoekenning in die vorm van 'n Oorkonde toeken vir uitmuntende diens aan die Organisasie of die Landbou in die Noordwes Provinsie gelewer, met dien verstande dat die Algemene Raad die mag het om die aantal toekennings wat jaarliks toegeken word, te beperk.
- Die Algemene Raad kan aan enige persoon 'n Eretoekenning in die vorm van 'n Oorkonde toeken vir uitmuntende diens aan die Organisasie of die Landbou in die Noordwes Provinsie gelewer, met dien verstande dat die Algemene Raad die mag het om die aantal toekennings wat jaarliks toegeken word, te beperk. Sodanige persoon moes ten minste drie (3) jaar as Dgbestuurvertegenwoordiger en/of Spesialiteitskomiteevoorsitter gedien het.

### Erelidmaatskap deur Affiliasies:

- Indien 'n Affiliasie erelidmaatskap toeken is hul verantwoordelik vir die erelid(e) se affiliasiegeld en moet die affiliasiegeld uit hul eie fondse aan Agri NW oorbetal word;
- Hierdie Erelede se affiliasiegeldbedrag is dieselfde as dié van die Silwer-Lidmaatskap-kategorie;
- Dié erelid(e) se besonderhede moet deel uitmaak van die Affiliasie se ledelys.
- Wanneer erelidmaatskap in affiliasieverband gedoen word, sal die Affiliasie steeds vir so 'n Erelid se affiliasiefooi aan Agri NW verantwoordelik wees.



# AGRI NW-JONGBOERKOMITEE : HUISHOUDELIKE REËLS

BYLAAG 11

## INLEIDING:

Agri NW-Jongboerkomitee is 'n Komitee:

- waarvan die lede lidmaatskap het by bestaande Plaaslike Landbouvereniging(s) binne die raamwerk van Agri NW se Grondwet en waarvan die lid se ouderdom nie 40 jaar mag oorskry nie;
- waarvan die doelstellings versoenbaar is met dié van Agri NW en waarvan sy Huishoudelike Reëls deur die Algemene Raad bepaal en goedgekeur is (Bylaag 10);
- waarvan die lede verplig is tot die betaling van affiliasiegeld aan Agri NW; en
- waarvan die Voorsitter en Onder-Voorsitter jaarliks tydens die Jongboerkonferensie ver-kies word.

## 1. DOELSTELLINGS VAN DIE JONGBOERKOMITEE:

- ⇒ Om die eiesoortige probleme van Jongboere te identifiseer en deur die korrekte kanale van Agri NW oplossings daarvoor te probeer vind;
- ⇒ Om jaarliks 'n Agri NW-Jongboerkompetisie te bedryf en te bevorder om finaliste en 'n wenner aan te wys wat deelneem aan die Nasionale Toyota Jongboer van die Jaar kompetisie.
- ⇒ Om voortreflike boerdery praktyke wat deur Jongboer wenners toegepas word onder Jongboere se aandag te bring en te bevorder deur 'n jaarlikse Jongboertoer aan te bied na die vorige jaar se Jongboerkompetisie-finaliste se boerdery-onder-nemings.
- ⇒ Om 'n jaarlikse Agri NW-Jongboerkonferensie aan te bied om Jongboere te inspireer en te bemagtig met intydse inligting.
- ⇒ Om in samewerking met Vrystaat Landbou se JONGBOERKOMITEE, asook SENWES en GSA, die jaarlikse SENWES Toekomsfokus dag te beplan en aan te bied.
- ⇒ Om die leierskappotensiaal van Jongboere te ontwikkel deur deelname aan die Landbouleierskap Ontwikkelingsprogram by die Nagraadse Bestuurskool van die Universiteit van Pretoria, asook ander leierskapontwikkelingsinisiatiewe.
- ⇒ Om die deelname van Jongboere aan Agri NW se affiliasie aktiwiteite te bevorder en te ondersteun.
- ⇒ Om op gepaste wyse erkenning te gee aan persone wat besondere diens aan die Jongboerkomitee gelewer het in ooreenstemming met die voorwaardes vir toekenning.

## **2. VERKIESING VAN VOORSITTER EN VISE-VOORSITTER**

Die Stemgeregtigdes kies by volstrekte meerderheid van die aantal stemme uitgebring deur hul by die Konferensie, 'n Voorsitter en 'n Vise-Voorsitter uit die afgevaardigde Jongboerlede van die Konferensie en hulle doen diens tot na afloop van hul diens-termyn van twee jaar of 'n verdere dienstermyn van twee jaar.

Stemming geskied soos volg:

- ⇒ Genomineerdes moet hulle goedkeuring tot nominasie deur handtekening bevestig op 'n voorgeskrewe nominasiebrief wat verder onderteken moet wees deur 'n voorsteller en sekondant wat stemgeregtigde afgevaardigdes moet wees.
- ⇒ Alle genomineerdes moet op 'n kandidatelys geplaas word wat by wyse van mondelinge aankondiging by die Kongres op 'n sekere tydstip moet sluit.
- ⇒ Indien meer as een persoon genomineer word, moet daar gestem word, en indien 'n kandidaat 'n volstrekte meerderheid kry, word hy as verkose verklaar.
- ⇒ Indien geen persoon 'n volstrekte meerderheid kry nie, moet die drie (3) persone met die hoogste getal stemme op 'n nuwe kandidaatlys geplaas word vir verdere stemming.
- ⇒ Daar moet herhaaldelik soos hierbo gemeld gestem word totdat 'n kandidaat 'n volstrekte meerderheid behaal, waarop hy as verkose verklaar moet word; indien daar tussen die laaste twee kandidate 'n staking van stemme ontstaan moet die lot beslis word.
- ⇒ Indien die amp van Voorsitter vakant raak, moet die Vise-Voorsitter hierdie vakature vul tot na afloop van die eersvolgende Konferensie. In so 'n geval word 'n ander Vise-Voorsitter gekies uit die geledere van die Hoofbestuur.
- ⇒ Indien die amp van Vise-Voorsitter vakant raak, moet die Hoofbestuur 'n lid uit sy geledere kies om die vakature te vul tot na afloop van die eersvolgende Konferensie.
- ⇒ 'n Voorsitter of Vise-Voorsitter moet verkieslik slegs een termyn van twee jaar in die amp dien, tensy die afgevaardigdes anders besluit en 'n opvolgende twee jaar termyn aanbeveel, waarna die dienende Voorsitter nie herverkiesbaar sal wees as Voorsitter nie, maar steeds as Vise-Voorsitter gekies kan word.

## **3. BESTUUR EN GESAG VAN DIE HOOFBESTUUR (UITVOERENDE BESTUUR)**

**3.1** Die Hoofbestuur (Uitvoerende Bestuur) is die hoogste gesag van die Jongboerkomitee en verteenwoordig al Agri NW se Affiliasies se verkose Jongboerverteenwoordigers:

### **SAMESTELLING**

- ⇒ Die Voorsitter.
- ⇒ Die Vise-Voorsitter.
- ⇒ Uitvoerende Hoofbestuurder Agri NW.

- ⇒ Alle verkose Jongboerkomiteevertewoordigers vanuit Agri NW se Landbouverenigings.
- ⇒ Gekoöpteerde persone van Opleidingsinstansies soos: NWU, Landboukollege Potchefstroom en Landbouskole.

## **DIE DAGBESTUUR**

### **SAMESTELLING**

- ⇒ Die Voorsitter.
- ⇒ Die Vise-Voorsitter.
- ⇒ Uitvoerende Hoofbestuurder: Agri NW.

### **DAGBESTUURSVERGADERINGS**

Die Dagbestuur vergader op besluit van die Voorsitter so dikwels as wat omstandighede dit vereis. Die Dagbestuur is ondergeskik en verantwoordbaar aan die gesag van die Hoofbestuur in alle besluite wat geneem word.

Indien die amp van Vise-Voorsitter vakant raak, moet die Hoofbestuur 'n lid uit sy geleedere kies om die vakature te vul tot na afloop van die eersvolgende Konferensie.

## **4. VERGADERINGS**

In die afwesigheid van die Voorsitter tree die Vise-Voorsitter, wat dan met al die magte van die Voorsitter bekleed word, as Voorsitter op. Indien albei afwesig is, kies die vergadering sy eie Voorsitter vir daardie vergadering kies.

Die prosedure by vergaderings en besprekings word aan die diskresie van die Voorsitter oorgelaat. Sy beslissing is finaal, behalwe dat dit deur 'n meerderheidsbesluit van die vergadering ter syde gestel kan word.

In alle sake van dringende aard tree die Voorsitter (en in sy afwesigheid die Vise-Voorsitter) in belang van die Jongboerevereniging op, met dien verstande dat;

- ⇒ hy verslag moet doen aan die eersvolgende vergadering van die Komitee; en
- ⇒ hy die reg sal hê om na goeë dunke die menings in te win van enige geaffilieerde lid of Komitee van die Jongboerkomitee na gelang van die omstandighede.
- ⇒ Die Voorsitter kan na goeë dunke nog belanghebbende vertewoordigers van ander Organisasies of enige persoon of persone uitnooi of toelaat om vergaderings of die Konferensie by te woon en deel te neem aan die besprekings. Sulke persone is egter onder geen omstandighede stemgeregtig nie.
- ⇒ Die Voorsitter het die reg om enige belanghebbende persoon op enige *ad hoc*-Komitee te koöpteer en om enige persoon te versoek om enige vergadering van enige aard van die Komitee by te woon en om die betrokke raad of komitee in te lig en van raad te bedien.

## **5. FINANSIERING VAN JONGBOERKOMITEE**

- ⇒ Die Finansiële bestuur van die Jongboerkomitee word as 'n integrale deel van Agri NW se finansies bestuur.
- ⇒ Die Jongboerkomitee word finansier uit borgskappe wat deur Agri SA en Agri NW beding word.
- ⇒ 'n Jaarlikse begroting moet opgestel word om tydens die eerste Hoofbestuursvergadering van die jaar gedurende Januarie oorweeg te word vir aanpassing en goedkeuring.
- ⇒ Indien daar enige onaangewende oorskotte ontstaan uit borgskappe verkry, sal 'n begrote reserwebedrag van R150 000 na die volgende Finansiële Jaar oorgedra word as 'n gereserveerde bedrag vir Jongboeraktiwiteite. Die balans sal deur Agri NW aangewend word vir dienste gelewer aan die Jongboerkomitee, asook om die doelwitte van Agri NW in belang van alle lede te bevorder.

## **6. ERELEDE VAN DIE JONGBOERKOMITEE**

- ⇒ Om erkenning te verleen aan enige persoon wat uitstaande dienste aan die Jongboervereniging gelewer het of die Jongboerkomitee as Voorsitter of Vise-Voorsitter gedien het, kan lewenslange erelidmaatskap aan so 'n persoon toegeken word met inagneming van die volgende kwalifikasies:
- ⇒ Op aanbeveling van lede moet so 'n persoon onbestrede deur die Hoofbestuur aangewys word, waarna 'n Oorkonde of erkenning vir voortreflike diens wat hierdie eerbewys dra aan hom by 'n gepaste geleentheid oorhandig sal word.
- ⇒ 'n Erelid sal geregtig wees om die vergaderings van die Komitee en die Konferensies van die Jongboerkomitee by te woon en om op sulke vergaderings en Konferensies deel te neem aan die bespreking, maar hy sal geen stemreg hê nie en sal ook geen voorstelle kan maak of sekondeer nie.
- ⇒ 'n Erelid sal die eretitel lewenslank behou, tensy die Algemene Raad van Agri NW later op aanbeveling van die Komitee van die Jongboervereniging hierdie eerbewys terugtrek.

# STEMPROSEDURE BY AGRI NW-KONGRES

BYLAAG 12

## Stemgeregtigde afgevaardigdes word as volg beskryf:

- Stemgeregtigde verteenwoordigers van Landbouverenigings wie se persoonlike ledegeld betaal is, op 'n basis van een verteenwoordiger vir elke 30 volopbetaalde boerelede of gedeelte daarvan;
- Twee (2) verteenwoordigers per geaffilieerde Munisipale Landbouvereniging wie se persoonlike ledegeld betaal is;
- Een (1) verteenwoordiger van elke geaffilieerde Landboumaatskappy wie se affilia-siefooi betaal is en wat of 'n direkteur of hoofamptenaar van die Landboumaatskappy moet wees;
- Een verteenwoordiger van elke Bedryfsorganisasie wat by Agri NW geassosieer is;
- Die Spesialiteitskomiteevertenwoordigers van die Algemene Raad, soos omskryf in Bylaag 4;
- Die Voorsitter van die Jongboerkomitee met volle deelname en stemreg;
- Erelede en gaste deur die President of Algemene Raad uitgenooi met deelname aan bespreking, maar sonder stemreg; en
- Stemming by die Kongres geskied by wyse van hoofdelike telling, behalwe by die verkie-sing van die President, en Vise-President, wat by wyse van geslote stembriefies moet geskied, met dien verstande dat:
  - Die President kan besluit oor 'n besondere saak en dat by wyse van geslote stembriefies gestem moet word, en so moet beslis indien minstens 10 (tien) afgevaardigdes teenwoordig dit verlang in welke geval alle afgevaardigdes slegs een stem per persoon mag uitbring en die President as voorsittende lid 'n gewone sowel as 'n beslissende stem sal hê.

## **OPMERKING:**

***Afgevaardigdes wie meer as een portefeulje verteenwoordig, het een stem per portefeulje. Dit beteken dat een afgevaardigde 'n stem kan uitbring ten opsigte van sy Munisipale Landbouvereniging, Bedryfsorganisasie (Rooivleis, ensovoorts) en as Spesialiteitsvertenwoordiger (Vervoer, ensovoorts), mits sodanige afgevaardigde tydens registrasie vir elk van hierdie portefeuljes geteken het.***

# KODE VIR TOELAES VIR DIE BETALING VAN REIS- EN VERBLYFKOSTES

BYLAAG 13

## TARIEWE VAN TOEPASSING VIR DIE TYDPERK 1 AUGUSTUS 2023 TOT 31 JULIE 2024

### AGRI NOORDWES:

#### PERSONEEL, AMPSDRAERS EN KOMITEEVOORSITTERS

##### REISKOSTE:

Personeel:	R4.10 per kilometer
Ampsdraers en Komiteevoorsitters	R4.10 per kilometer

VERBLYFKOSTE: \* R1 000 per nag

### JONGBOERKOMITEE:

#### VOORSITTER EN VISE-VOORSITTER

REISKOSTE: R4.10 per kilometer

VERBLYFKOSTE: \* R1 000 per nag

##### TELEFOONTOELAAG:

Voorsitter: Jongboerkomitee	R1 000.00 per maand
Vise-Voorsitter: Jongboerkomitee	R 500.00 per maand

\* In uitsonderlike gevalle waar die verblyfkoste vir praktiese redes oorskry word en met goedkeuring van die Finansiële Komitee, sal die volle koste uitbetaal word.

### NOTAS:

1. Eise **móét binne drie (3) maande** ingedien word om te kwalifiseer.
2. Indiening van eise bly die eiser se verantwoordelikheid.
3. Ter wille van kostebesparing en effektiewe administrasie sal eise **eenmalig per maand** hanteer word met **betaling op die laaste werksdag** van die maand.
4. Indien die Vise-Voorsitter van 'n Spesialiteitskomitee op versoek van die Voorsitter in sy afwesigheid as Voorsitter optree, kan die Vise-Voorsitter die Reis- en Verblyftoelae eis.
5. Verblyfkoste moet eers self deur Ampsdraer vereffen word en dan teruggeëis word by Agri NW. Oorspronklike bewyse moet ingedien word. (Kyk Tabel vir goedgekeurde tarief.)

# EENMALIGE AANSPORINGS- INSENTIEWE AAN GRONDVLAK- AFFILIASIES VIR DIE WERWING VAN NUWE AGRI NW-LEDE

## BYLAAG 14

- Munisipale-/Plaaslike Landbouverenigings wat nuwe lede werf is geregtig op 'n eenmalige aansporingsinsentief op alle nuwe lede wat vir Agri NW gewerf word in die jaar van aansluiting.
- Hierdie insentief is geldig vir alle Lidmaatskapkategorieë van Agri NW, naamlik: Platinum, Goud en Silwer.
- Affiliasiegeld word *pro-rata* in sesmaandelikse inkremente bereken, indien 'n persoon gedurende die loop van 'n finansiële jaar aansluit.
- Indien 'n persoon gedurende die eerste ses maande van 'n finansiële jaar aansluit (Sep-tember tot Februarie), betaal hy die volle affiliasiegeld.
- Aansluiting vanaf Maart tot Augustus word bereken teen 50% van die totale affiliasiegeld.
- Hierdie kontantinsentief bedra 50% van die vasgestelde affiliasiegeld van die betrokke Lidmaatskapkategorie, onderhewig aan die *pro-rata* bedrag wat gevorder word, afhangende van die tydstip wanneer die persoon in 'n spesifieke jaar aansluit.

# AANSPORINGSINSENTIEWE VIR DIE TYDIGE BETALING VAN AGRI NW- AFFILIASIEGELD

## BYLAAG 15

- Die Algemene Raad kan na goeddunke 'n 5 persent korting toestaan vir die tydige betaling van affiliasiegeld.
- Die sperdatum vir die 5 persent korting bly tans onveranderd op 30 September van 'n finansiële jaar.

2023-04-20

C:/MY DOCUMENTS/ AGRI NW/GRONDWET/ 2022-06-29 FINALE AGRI NW GRONDWET GOEDGEKEUR DEUR KONGRES OP 2018-09-14 (5)

2021-03-16 Gewysig: Bylaag 8

2022-06-29 Gewysig: Bylaag 2

2023-04-20 Gewysig: Punt 6.1.6 uithaal en Byvoeg 6.2.5.1.4.2